Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# O.B.

Jrg. 6 Kaapstad, Woensdag, 15 Januarie 1947. Nr. 7.

# Bespiegelings Oor Toekoms Van Partye en Groepe

## Waarheen Gaan Die H.N.P.?

***Die jaar 1947 het aangevang met 'n hele boel bespiegelings oor die toekoms van die bestaande partye en groepe in Suid-Afrika. Dr. D. F. Malan, hoofleier van die H.N.P., het die tonge losgemaak met 'n toespraak wat hy op 28 Desember, verlede jaar, in Die Strand gehou het en waarin hy op sekere voorwaardes steun aan veldm. J. C. Smuts beloof het.***

Die H.N.P.-leier het gesê: „Ons sal agter veldm. Smuts staan as hy Suidwes ook in die toekoms as mandaat-gebied sal regeer, as hy aan Suidwes 'n groter mate van selfbestuur sal gee en hom as 'n provinsie van die Unie sal behandel en verteenwoordiging in die Unie-parlement sal gee." Ten aansien van die kleurvraagstuk het dr. Malan gesê: „Staan hy (nl. veldm. Smuts) vir apartheid, konsekwent deurgevoer, dan staan ons (nl. die H.N.P.) by hom." Dr. Malan het as 'n uitdruklike voorwaarde vir steun genoem dat veldm. Smuts onder geen omstandighede aan die V.V.O. se versoek moet voldoen om onderhandelings met die regering van Indië te voer nie en om die uitslag van hierdie onderhandelings aan die V.V.O voor te lê nie.

Die Sunday Times van 5 Januarie skryf in 'n hoofartikel dat „dr. Malan se aanbod 'n basis vir eenheid daarstel aangesien genl. Smuts op ondubbelsinnige wyse aangedui het dat die Unie sal voortgaan om Suidwes-Afrika as 'n vyfde provinsie te administreer, en dat Suid-Afrika nie sal toelaat dat Indië in ons binnelandse aangeleenthede inmeng nie."

Die blad verklaar voorts dat daar 'n algemene gevoel in Suid-Afrika posgevat het dat veldm. Smuts ondersteun moet word. „Of hierdie sterk gevoel tot eenheid sal gedy, hang grotendeels van die leiers van die Nasionale Party af", sê die blad; en dan voeg hy bytend daarby: „Hierdie leiers is nie eers in staat om met hul eie vriende saam te werk nie; hulle is geneig om verspotte voorwaardes te stel."

**Op hierdie stadium kan alleen gegis word oor dr. Malan se bedoelings met sy aanbod van steun aan veldm. Smuts. Al wat seker daaromtrent is, is die feit van die aanbod. Die mees algemene gissing is dat dr. Malan sy weg voel vir die totstandkoming van 'n nuwe samesmelting met veldm. Smuts.** Te oordeel na die reaksie in die Verenigde Party-pers skyn daar nie veel geesdrif vir so 'n samesmelting by die Verenigde Party te wees nie.

Die enigste blad wat openlik so 'n samesmelting bepleit is Die Weekblad. Dit is bekend dat mnr. M. J. van den Berg, vroeër van die Arbeidersparty en tans 'n leier van die H.N.P. met hierdie blad verbind was. Of hy nog aan die blad verbind is, is nie bekend nie.

Die Weekblad vra dr. Malan en veldm. Smuts om hul kragte saam te snoer. Die blad herinner dr. Malan aan sy woorde van lof vir veldm. Smuts se stryd in die V.V.O.: „**Genl. Smuts het in moeilike omstandighede goed geveg en Suid-Afrika se saak goed gestel,**" het dr. Malan gesê. „**Ons smeek ons leiers, genl. Smuts en dr. Malan, reik mekaar die hand,**" sê die blad. „**Verenig in die gees soos in lang vervloë dae toe u saam in een saal vergader het as Sondagskoolonderwyser en katkisant**", sluit die blad sy pleidooi.

Dr. Malan se gebaar van toenadering tot veldm. Smuts steek skerp af by die onverbiddelike vyandskap wat die H.N.P.-leier en sy party nog steeds openbaar teenoor medenasionaalvoelende Afrikaners en hul organisasies.

Op 27 November het die Grootraad van die Ossewabrandwag by herhaling die bereidwilligheid van die O.B. om met hul mede-Afrikaners saam te werk wêreldkundig gemaak. Die Raad het die deur vir samewerking wawyd oopgegooi en verklaar: „Die O.B. is bereid om voorstelle tot sulke samewerking te ontvang." **Die antwoord wat die O.B. van die H.N.P. gekry het was geniepsig. Van die kant van dr. Malan het 'n aanbod van voorwaardelike steun aan veldm. Smuts gekom.**

Op 28 November het mnr. N. C. Havenga, leier van die Afrikanerparty, voor sy kongres in Bloemfontein sy bereidwilligheid om saam te werk in die volgende woorde onderstreep: „Samewerking is moontlik met enige party of groep wat dit met die Afrikanerparty eens is oor die belangrike lewensbeginsels wat genl. Hertzog sy taak gemaak het. Geen poging tot samewerking kan slaag sonder erkenning van aparte identiteit nie en daar moet niemand by voorbaat uitgesluit word nie."

Op 30 November het dr. Malan in Die Burger verklaar dat mnr. Havenga nog nie sy weg oopsien om samesprekings met hom te voer oor „eenwording" van die A.P. en die H.N.P. nie! Dit is dr. Malan se antwoord op mnr. Havenga se bereidwilligheid vir samewerking waar niemand by voorbaat uitgesluit word nie; en met behoud van identiteit.

Die vraag doem steeds meer pertinent op: Waarheen gaan die partyleiers se volgehoue vyandskap teen mede-nasionaalvoelende Afrikaners uiteindelik die H.N.P. lei?

**In O.B. en aanverwante kringe groei die oortuiging dat die totstandkoming van 'n parlementêre Volksfront 'n vroegtydige noodsaaklikheid word ten einde vastigheid te bring en rigting te gee aan duisende Afrikaners wat vandag al hoe meer verwar word deur partypolitieke intrige en „aanpasbaarheid".**

# VRYHEIDSDAG 1947

Dr. J. F. J. van Rensburg, K.G. van die Ossewabrandwag het die volgende Vryheidsoproep uitgereik:



Dr. J. F. J. VAN RENSBURG.

**Tydens Februarie 1947 sal daar in baie stede en dorpe van die Unie van Suid-Afrika luisterryke feesvierings wees. Digte menseskare, vlae en vliegende vaandels, prag en praal.**

**Tydens Februarie sal daar ook....en wel op die 27ste van die maand....op talle van plekke om 9 uur die aand vuurstapels te sien wees. Veral bo op die kruin van Amajoeba sal daardie vuurstapels vanuit drie provinsies te sien wees.**

Die eerste reeks feesvierings met die vliegende vaandels en die luisterryke skare gaan wees om hulde te betoon aan die koning van oorsee wat vir die eerste keer in die geskiedenis na hierdie land kom om sy onderdane te laat sien hoe hul koning lyk. **Die Ossewabrandwag het geen konings verloor nie en soek geen konings nie, hetsy oorsee of elders.**

Derhalwe laat daardie ander feesvierings ons onverskillig.

**Maar die Vryheidsvure van Majoeba en die onuitblusbare Vlam van Vryheid wat in die Afrikanerhart brand en teer, dié gaan ons op die 27ste Februarie trek soos nog nooit te vore nie.**

Ossewabrandwag, die stryd vir Vryheid was nog nooit afdraend nie; die stryders vir Vryheid het nog steeds meer vyande gehad as vriende. Wys hulle, vriend en vyand, op die 27ste Februarie....Majoebadag....dat wie ook al die Afrikanerstryd in die steek wil laat in aangesig van die koning van Brittanje, die Ossewabrandwag gaan die Vryheid waaragtiglik nie versaak nie.

# 270 Het Geen Plek



**'n Nuwe parlementsgebou is in Brittanje in aanbou. Die oue is gedurende die oorlog deur 'n bom vernietig. Hoewel die gebou op baie wetenskaplike wyse opgerig word, o.a. deur 'n spesiale stelsel van lugreëling, sal dit maar net so groot wees soos die oue, wat plek vir slegs 346 lede uit die totaal van 615 gehad het. Aan 'n toeris wat sy verbasing uitgespreek het daaroor, is eenmaal gesê dat daar nie eintlik meer plekke nodig is nie, aangesien daar altyd 'n paar honderd lede afwesig is. Aangesien die partykoukusse besluit wat wet moet wees, is die teenwoordigheid van lede nie noodsaaklik nie, veral nie waar die partye onderling met die stelsel van afparing sorg dat die getalsverhouding tussen regering en opposisie nie verstoor word nie. Die foto toon 'n model van die helfte van die parlementgebou, waarin die lugreëling getoets word. Elke gloeilampie verteenwoordig die hitte van twee persone. In die middel onder staan die Speaker se stoel.**

## Gaan Suidwes Inlyf

**Volgens berig in Die Vaderland het die blad se politieke korrespondent uit betroubare bron verneem dat die regering reeds besluit het op politieke en staatkundige inlywing van Suidwes-Afrika by die Unie. Die regering gaan glo gedurende die aanstaande sitting van die parlement wetgewing indien om aan die mandaatgebied verteenwoordiging in ons volksraad te gee.**

# Sy Majesteit Se Parlement

**Sy Majesteit, Koning George VI, gaan op 21 Februarie 1947, in lewende lywe, die vierde sitting van sy majesteit se negende Parlement van die Unie van Suid-Afrika op plegstatige wyse open.**

Wanneer die Parlement eerskomende Saterdag, 18 deser, byeenkom sal die opening sommer by wyse van 'n gebruiklike gebedjie geskied. Die sittingkie wat Saterdag begin is slegs die einde van die derde sitting van die negende Parlement. U begryp al die opgewondenheid en luister word gebêre vir die opening van die vierde sitting — wat Sy Majesteit self in lewende lywe sal waarneem.

Op daardie datum sal 'n Britse Koning vir die eerste keer in die geskiedenis die opening van die Suid-Afrikaanse parlement waarneem — die parlement wat die Britte met al sy oertydse drag en praal na Suid-Afrika uitgevoer het.

Sal dit wees dat die prestige van hierdie Britse uitvoerartikel sodanig by die Afrikanervolk gedaal het dat dit die aanwesigheid van 'n Britse koning in lewende lywe vereis om nuwe glorie daaraan te verleen?

# Jaarvergadering van S.A.N.L.A.M.

## FONDSE NOU £10½ MILJOEN

### Winste vir die jaar £560,000

### Nuwe Besigheid £15 miljoen

### SAMEGESTELDE BONUS WEER £2%

Die 28ste Algemene Jaarvergadering van SANLAM (Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie - maatskappy, Beperk) is op Woensdag, 18 Desember 1946, by die Hoofkantoor van die Maatskappy in Waalstraat, Kaapstad gehou.

Die Voorsitter, die Edelagbare W. A. Hofmeyr, het sy toespraak begin deur te noem dat mnr. P. A. Brink, Raadslid sedert 1921, om gesondheidsredes afgetree het. Mnr. Brink se rype sakekennis en praktiese belangstelling was vir die Raad altyd van groot waarde, en spreker wil hom dan ook namens die Raad hartlik bedank.

Die vakature op die Direksie is gevul deur die benoeming van dr. M. S. Louw, tot onlangs Mede-Hoofbestuurder en Aktuaris van die Maatskappy, as Besturende Direkteur. Mnr. G. F. de Villiers, tot nog toe Mede-Hoofbestuurder en Sekretaris, is aangestel as Hoofbestuurder en Sekretaris.

Spreker het verder aangehaal dat mnr. J. P. Feenstra, Assistent-Hoofbestuurder, op 31 Desember met pensioen aftree en opgevolg word deur mnr. A. D. Wassenaar. Namens die Raad wil spreker mnr. Feenstra dank vir sy bydrae tot die opbou van die Maatskappy.

Die Voorsitter het ook berig dat dr. G. H. Hansmann benoem is tot Aktuaris van die Maatskappy; mnr. N. Bonthuys, voorheen Takbestuurder op Pretoria, word Mede-Sekretaris op Hoofkantoor; mnr. P. R. le Roux van die Hoofkantoor-personeel word Assistent-Sekretaris; mnr. J. K. A. Ehmke bly Hoof-Rekenmeester, en mnr. D. G. du Plessis bly Hoofinspekteur (Pensioene-afdeling) en Inspekteur van Agentskappe.

Eindelik het spreker verwys na die afsterwe van mnr. J. M. de Ville, wat in 1934 as Takbestuurder vir Transvaal afgetree het.

Voortgaande, het spreker gesê:

#### STEEDS GROTER PRESTASIES

„Uit die verslae oor die finansiële state en die aktuariële waardering wat aan die Direksie voorgelê is, het dit duidelik geblyk dat die prestasies van die afgelope jaar alle vorige rekords oorskadu het. In besonder kan ek meld dat ons premie-inkomste vir die jaar £2,200,000 oortref het en ons totale netto inkomste £2,600,000, terwyl ons fondse aan die einde van die boekjaar op omtrent £10,500,000 gestaan het. Die winste vir die jaar het 'n nuwe hoogtepunt van meer as £560,000 bereik. As 'n vergelyking getref word met die laaste voor-oorlogse jaar (1939), dan vind ons dat die nuwe besigheid, die premie-inkomste en die fonds byna driemaal so groot as sewe jaar gelede is!

„In baie opsigte het daar verbeterings vir ons polishouers gekom. Die herstel van ons bonus op sy voor-oorlogse skaal het ek verlede jaar aangekondig. So, ook, is die besluit van die Direksie in werking gestel om aan toekomstige sowel as bestaande houers van polisse wat aan sekere vereistes voldoen, die opsie te gee om hulle deel van die verklaarde winste by wyse van reversionêre bonusse te ontvang, soos in die verlede, òf anders by wyse van kontantbonusse. Alle werk in verband met die stigting van Bonuskor is voltooi en die korporasie is behoorlik geregistreer en in werking, soos ek later vollediger sal berig.

„Sekere hinderlike beperkings wat gedurende die oorlog opgelê moes word, is in die afgelope jaar opgehef. By voorbeeld, ons polishouers het kennis ontvang dat die oorlogsklousule wat gedurende die oorlogsjare op nuwe polisse geplaas is, nie meer van toepassing is nie. Die Maatskappy het ook sekere klasse versekering, soos korttermyn-versekerings en gesinsinkomste-versekering, herstel. Ons wil veral die nuwe SANLAM-Gesinsinkomstepolisse tot u aandag bring, aangesien hierdie versekeringsvorm die volledigste beskerming verskaf wat verkrygbaar is.

„Vir ons amptenare was die jaar van belang deurdat nuwe en verhoogde salarisskale toegepas is, wat 'n baie nodige tegemoetkoming was.

„Dit sal polishouers seker interesseer om te verneem dat SANLAM gedurende die jaar 'n belangrike ooreenkoms met die United Building Society, die grootste van ons Suid-Afrikaanse bouverenigings, aangegaan het. Waar huiseienaars 'n verbandlening by 'n bouvereniging aangaan, is dit die gebruik om 'n lewensversekeringspolis uit te neem wat die skuldenaar oor die hele afbetalingstermyn vir die ongedelgde bedrag van sy skuld dek. Dit beteken dan dat, as die persoon te sterwe kom voordat sy verbandskuld gedelg is, die onbetaalde balans uit die opbrengs van die polis voorsien word. Volgens die ooreenkoms met die United Building Society word al hierdie besigheid nou met SANLAM geplaas. Daar bestaan die noüste samewerking tussen die twee instellings in verband met die uitvoering van die ooreenkoms.

#### NUWE BESIGHEID

„Nuwe aansoeke vir 'n versekerde bedrag van £16,841,000 is gedurende die jaar deur ons behandel. Ten opsigte hiervan is 22,073 polisse vir £15,192,000 uitgereik. Dit is 'n rekord vir die Maatskappy, en kan vergelyk word met uitgereikte versekerings van £13,378,000 vir verlede jaar. Die jaarlikse premies op die nuwe versekerings bedra £480,000.

#### INKOMSTE OORTREF £2,600,000

„Ons inkomste vir die jaar het £2,611,000 bedra, waarvan premies £2,247,000 opgelewer het. Die jaarlikse premie-inkomste het met £354,000 (of 18.8%) toegeneem, terwyl die vermeerdering in ons totale inkomste £408,000 was. Ons inkomste uit rente, diwidende en huur was £364,000, of £3.18. 5% bereken op die gemiddelde lewensversekeringsfonds, in vergelyking met £3.19. 6% vir verlede jaar.

#### UITGAWES

„Die Maatskappy het £293,000 aan eise uitbetaal. Dit is £9,000 minder as verlede jaar. Hiertoe het doodseise £184,000 bygedra; vervaltydseise £99,000 en ongeskiktheidseise £10,000.

„Ek wil u aandag vestig op die item „Bonusse in Kontant" — £208,982. Hierdie pos sluit vir die eerste keer, benewens afgekoopte bonusse, ook kontantbonusse tot 'n bedrag van £207,004 in.

„Nieteenstaande die verhoogde bedrae wat daar aan salarisse en lewenskostetoelae uitbetaal moes word, het die Maatskappy daarin geslaag om sy onkostepersentasie nogmaals te verminder. Teenoor 'n vermeerdering van 22.4% van ons netto-eerstejaarpremies, was die koste verbonde aan nuwe besigheid slegs 19.1% hoër; en terwyl ons totale premie-inkomste met 18.8% vermeerder het, het ons totale onkoste met slegs 15.6% toegeneem. In 'n tyd van stygende lewenskoste is dit 'n prestasie waarop die Maatskappy tereg trots is.

#### LEWENSVERSEKERINGS-FONDS

„Ons Lewensversekeringsfonds het met £1,413,000 aangegroei nadat 'n bedrag van £100,000 na die Gebeurlikheidsfonds oorgedra is. (As daar geen uitbetaling ten opsigte van kontantbonusse was nie en die £100,000 nie oorgedra was nie, sou die Lewensversekeringsfonds met £1,720,000 vermeerder het!) Op 30 September het laasgenoemde fonds op £10,184,000 gestaan en die Gebeurlikheidsfonds op £300,000.

#### WINSTE OORTREF £560,000

„Die winste van die jaar het £561,000 bedra, teenoor £343,000 vir verlede jaar. Hierdie winste staan gelyk aan die koste van 'n samegestelde bonus van £2.6.8%. Saam met die bedrag wat van die vorige jaar oorgedra is, het dit 'n totale beskikbare surplus van £620,000 gelewer. Van hierdie surplus is, soos reeds aangedui, £100,000 na die Gebeurlikheidsfonds oorgedra. Op aanbeveling van die Aktuaris het die Direksie besluit om weer 'n samegestelde reversionêre bonus van £2% ten opsigte van die afgelope jaar te verklaar. Die koste van die bonusse neem £481,000 in beslag, en die balans van £39,000 word oorgedra na die volgende jaar. Polisse met kontantbonusse ontvang die volle verdiskonteerde kontantwaarde, en volgens gewone gebruik is 'n interim-bonus teen dieselfde skaal verklaar.

„Vir 'n gegewe premietarief word die winste van 'n lewensversekeringsmaatskappy bepaal deur sy sterfteondervinding, sy onkostepersentasie en die rentekoers wat hy op sy gemiddelde fonds verdien. Dit is juis omdat SANLAM se ondervinding in hierdie opsigte so gunstig is, dat ons winste deurgaans so hoog is. Daarom kan ek ook konstateer dat beter waarde vir 'n gegewe premie as wat SANLAM gee, nie in Suid-Afrika te verkry is nie.

„Ons leef in 'n tyd van stygende onkoste en dalende rentekoerse. By afwesigheid van balanserende faktore sal dit vir lewensversekeringsmaatskappye 'n vermindering van winste meebring, en in sulke omstandighede sou dit onverantwoordelik van maatskappye wees om 'n verhoging van bonusse in die nabye toekoms, direk of selfs maar by implikasie, in die vooruitsig te stel. Daarom het u Direkteure die bonus onveranderd op £2% gelaat, ondanks die feit dat die winste vir die afgelope jaar £80,000 méér as die koste van hierdie bonus was.

#### BELEGGINGS

„Ek het reeds daarop gewys dat die behaalde rentevoet op ons gemiddelde lewensversekeringsfonds gedaal het van £3.19. 6% na £3.18. 5%. Dit is my egter aangenaam om te kan noem dat ons daarin geslaag het om 'n gemiddelde rentevoet van £3.19. 0% te behaal op die nuwe beleggings wat gedurende die jaar gemaak is. 'n Analise van ons balansstaat sal aantoon dat 42.9% van ons bate verteenwoordig word deur effekte van die regering, munisipaliteite en ander publieke liggame en lenings aan publieke liggame; 23.6% deur verbande en skuldbriewe; 12.1% deur voorkeur- en gewone aandele; 5.2% deur lenings op ons polisse; en 5.2% deur vaste eiendomme. Die balans van 11.0% word verteenwoordig deur deposito's, kontant in bank, ongeïnde premies, ens.

„Die totaalsyfer van ons bate, nl. £10,946,000, kan vergelyk word met £9,394,000 vir 1945. Die grootste vermeerderings het onder die volgende poste voorgekom:—

| | |
|---|---|
| Regeringseffekte .. .. .. .. .. | £357,000 |
| Voorkeur- en gewone aandele | 463,000 |
| Verbande .. .. .. .. .. .. .. | 442,000 |

„Direkteure het nog steeds daarin geslaag om die erkende beginsels van 'n gesonde beleggingsbeleid na te kom. Ons beleggings is veilig, hulle is goed versprei, en hulle lewer 'n redelik hoë rentepersentasie. Al ons effekte staan in ons boeke ten pari of laer, en ruime reserwes is gemaak ten opsigte van die ander bate.

„U sal opmerk dat ons £1,330,000 in voorkeur- en gewone aandele belê het. Die oorgrote meerderheid van hierdie beleggings is in voorkeuraandele van groot uitgesoekte en gevestigde ondernemings. In gewone aandele word daar slegs by wyse van uitsondering belê, om redes wat ek verlede jaar genoem het. Net in die geval van drie maatskappye het ons noemenswaardige beleggings in gewone aandele gemaak, nl. die African Homes Trust and Insurance Company, Ltd., Saambou (Permanente) Bouvereniging en „Bonuskor".

#### DIE „AFRICAN HOMES TRUST AND INSURANCE CO., LTD."

„Dit is 'n filiaalmaatskappy van SANLAM wat gewone lewensversekering, industriële versekering en begrafnisversekering doen. Mnr. G. D. Wilson, voorheen in ons diens as Aktuaris, het dr. Louw opgevolg as Hoofbestuurder en Aktuaris van die maatskappy. Die maatskappy se jaarlikse inkomste oortref £500,000 en sy bate £1,500,000. Hy het gedurende die afgelope tien jaar grootliks uitgebrei en sy finansiële posisie is aansienlik versterk en gesond. Hy doen goeie sake en werp gereelde winste af.

#### SAAMBOU (PERMANENTE) BOUVERENIGING

„Twee jaar gelede is ons gevra om hierdie enigste Afrikaanse permanente bouvereniging wat in 1942 opgerig is, en maar 'n sukkelbestaan gevoer het, te hulp te kom. Na grondige oorweging het u Direksie besluit om dit op sekere gestelde voorwaardes — wat aanvaar is — te doen. Ons het b.v. verteenwoordiging op die Direksie verkry in die persone van ons Besturende Direkteur, Direkteur P. D. Rousseau en ons Hoofbestuurder en Sekretaris. Die maatskappy beskik reeds oor fondse van meer as £350,000, doen goeie sake en het vanjaar sy eerste diwidend verklaar, wat volgens aanduidings aanstaande jaar verhoog sal word. Saambou brei vinnig uit en ons vertroue in sy vooruitsigte word reeds deur sy jongste resultate geregverdig. Hy het dus nou die stadium bereik waar ek hom onvoorwaardelik vir die ondersteuning van ons polishouers kan aanbeveel.

#### BONUSKOR

„Die stigting van hierdie nuwe beleggingskorporasie, wat ek verlede jaar aangekondig het, het intussen werklikheid geword. Van die nominale kapitaal van £2-miljoen is meer as 'n kwart-miljoen reeds opgeneem. Bonuskor het nie op hom laat wag nie en sy doelstellinge word uitgevoer. In die afgelope jaar het hy deur onderskrywinge en andersins aktief deelgeneem aan die stigting van nuwe ondernemings, veral nywerhede, en sy opbetaalde kapitaal is belê. Sy eerste gewone jaarvergadering sal vroeg aanstaande jaar gehou word. Die Direksie is soos volg saamgestel: W. A. Hofmeyr (Voorsitter), M. S. Louw (Besturende Direkteur), W. F. J. Steenkamp, E. H. Louw en R. L. Straszacker. Mnr. P. R. Börich, M.Comm., voorheen in diens van SANLAM en die Nywerheidsontwikkelingskorporasie, is die Sekretaris. U Direkteure glo dat hulle met die stigting van Bonuskor 'n groot diens aan die volk van Suid-Afrika gelewer het.

„Soos u weet, is daar gedurende April, Mei en Junie vergaderings dwarsdeur die Unie en Suidwes-Afrika gehou om die hele skema van opsionele kontantbonusse en die samestelling van Bonuskor toe te lig. Op hierdie vergaderings, en in briewe aan ons, het talle polishouers wat ongelukkig uitgesluit moes word van deelname aan die skema, versoeke aan ons gerig om hulle tog ook in die geleentheid te stel om aandele in Bonuskor te bekom. Dit is my aangenaam om te kan aankondig dat reëlings pas met die Direksie van Bonuskor getref is waardeur alle polishouers van SANLAM aanstaande jaar die kans sal hê om 'n beperkte hoeveelheid aandele direk van Bonuskor aan te koop. Omsendbriewe wat verdere besonderhede bevat, word eersdaags aan ons polishouers afgestuur.

#### NYWERHEIDSONTWIKKELING EN INFLASIE

„Waar SANLAM oor groot versamelde fondse beskik, fondse wat met meer as £1¼-miljoen per jaar aangroei, rus daar 'n groot verantwoordelikheid op sy direksie. Hulle moet toesien nie alleen dat hierdie fondse veilig en winsgewend belê word nie, maar ook dat dit ekonomies aangewend word tot bevordering van die landsbelange. My mededelings in verband met ons beleggings is juis bedoel om aan u bewyse te lewer van wat daar reeds in hierdie rigting deur ons tot stand gebring is.

„Ons beleef 'n tyd van skynvoorspoed, 'n tyd van volop geld — maar van gebrek aan die nodige dinge van die lewe. Die koopkrag van ons geld het geweldig gedaal, iets wat vir almal, maar veral vir polishouers van lewensversekeringsmaatskappye, 'n groot bedreiging inhou. Die beste manier om die inflasie teen te werk, is om te spaar en meer verbruiksgoedere te produseer: En die spaargelde moet gemobiliseer word om ons fabrieksnywerhede te ontwikkel. SANLAM is besig om sy bydrae in hierdie opsig te lewer, deur die ekonomiese en produktiewe aanwending van die fondse aan hom toevertrou. Hy doen dit direk deur sy beleggings in voorkeuraandele van groot nywerhede en indirek deur Bonuskor, wat hoofsaaklik in gewone aandele in gevestigde en ook van nuwe ondernemings belê.

#### DANKBETUIGING

„Aan die Besturende Direkteur, die hoofbestuurder en ander hoofamptenare, ons takbestuurders en lede van ons kantoorpersoneel, aan ons inspekteurs en ons agente, aan elke lid van die personeel wat bygedra het tot die uitstekende resultate van die afgelope jaar, betuig ek hiermee my persoonlike dank. Ons waardeer u toegewyde dienste, u geesdrif en hartlike samewerking.

„Aan my mede-direkteure is ook ons dank verskuldig vir hul eensgesinde ondersteuning en wyse raadgewing gedurende die afgelope jaar."

# Luisterryke Dingaansfees Te Paardekraal

***PRETORIA. — Paardekraal (Krugersdorp) het vanjaar sy Dingaansfees geskoei op die lees van die republikeinse Staatsfees van 1896. Die feesviering was 'n reusesukses en het in klein herinner aan die Eeufees van 1938. Geskat word dat daar ongeveer vyftienduisend feesgangers was.***

**Die vierings het reeds die Saterdag al 'n aanvang geneem, toe 'n optog, met die Ossewabrandwag aan die spits, vanaf die stadsaal na die Paardekraal-Monument beweeg het. Die optog was gelei deur 'n speerpunt van O.B.-wagte met vlae. Agter hulle was die reeds bekende Brakpanse Boerejeug-orkes, wat met marsmusiek luister aan die optog verleen het. Op die orkes het weer 'n puik afdeling van die O.B.-wag gevolg. Ander deelnemers en lede van die publiek het die agterhoede gevorm.**

Vanaf Saterdag tot Maandag was daar vir elke dag 'n baie interessante program deur die feeskommissie opgestel. Die program het o.a. behels: die verwelkoming van die president en die ontvangs van die staatsartillerie, perdekommando, ens. 'n Orrel was op die verhoog aangebring en musiek en sang deur verskillende kore het 'n groot deel van die verrigtinge gevorm. Daar was ook 'n goeie verskeidenheid van voordragte en interessante vertellinge deur oudstryders en andere. Verskillende sprekers, waaronder genl. J. J. Pienaar en prof. L. J. du Plessis, het boeiende toesprake gelewer, en etlike predikante het die verskillende godsdiensoefeninge waargeneem. Die hoofdiens was gelei deur ds. Wm. Nicol, Moderator van die N.H. of G. Kerk.

**Die S.A. Uitsaaikorporasie en RARO was o.m. op die fees verteenwoordig. Laasgenoemde het verskeie filmopnames gemaak, o.a. van die oues van dae, die oud-artilleriste, ens.**

Behalwe die verhoogprogram was daar ook 'n groot verskeidenheid van Boeresport onder leiding van mnr. Piet van Graan, L.P.R., en volkspele onder leiding van mev. prof. L. J. du Plessis.

**O.B.-wagte het gedurende die driedaagse fees deurgaans die orde gehandhaaf en met die werksaamhede gehelp. Alle verrigtinge het baie ordelik en stigtelik verloop.—(Eie Berig.)**

## Kranslegging Op Heldegrafte

**PRETORIA.—Op Saterdag, 21 Desember, het die Pretoria Generaalskap weer sy jaarlikse optog gehou na die grafte van ons volkshelde, om daar kranse te gaan lê as huldeblyk van 'n dankbare nageslag.**

**'n Speerpunt van Boeredogters met O.B.-vlae het die optog gelei vanaf die woning van Pres. Kruger na die ou begraafplaas, waar beide Pres. Kruger en Jopie Fourie se stoflike oorskot rus.**

In die Kerkhof het genl. J. F. Marais 'n kort woord tot die aanwesiges gerig, waarna ds. Van W. de Vries voorgegaan het met Skriflesing en gebed. Gebiedsleier, prof. H. M. van der Westhuizen, het hierop namens die Afrikanervolk 'n krans gelê op die graf van Pres. Kruger. Die aanwesiges het toe saam gesing: „Slaap rustig, dapper helde".

By die graf van Jopie Fourie het mnr. Seymour, 'n persoonlike vriend van die afgestorwene, 'n interessante kort skets gegee van Jopie Fourie, eers as jong seun, daarna as student en uiteindelik as Afrikanerheld wat gesterf het vir sy God, sy Volk en sy Vaderland.

Aangesien die reën teen hierdie tyd gedreig het om uit te sak het alleenlik van die hoër offisiere verder gegaan na die nuwe begraafplaas om ook op die graf van wyle genl. Manie Maritz 'n krans te gaan lê. —(Eie Berig.)

## MENSE VERKLUIM

Geteisterde Europa het nog 'n vyand bygekry. Uit die ysige vlaktes van Rusland kom deesdae nie net die verskriklike kommunisme nie, maar ook die snerpende koue wat die bevryde inwoners van Europa laat sidder en sterf. In Duitsland met sy oorvloed van besettingstroepe en sy tekorte aan voedsel, klere en brandstof verkluim talle mense.

# Besielende Boodskap Uit Die Tronk

**Uit die Pretoria Sentrale Gevangenis kom die volgende besielende boodskap: Dit is gerig aan mede-Brandwagte en Strydmakkers en dis onderteken slegs met die gevangenisnommers van die afsenders:**

*Die jaar wat verby is vorm nog 'n tydvak in ons volksbestaan wat onherroeplik tot die verlede behoort en deur toekomstige geslagte geweeg sal word.*

*As ons dan terugkyk sien ons nie net mislukkings nie maar ook die mylpale en oorwinnings. In die mislukkings leer ons ons lesse en in ons oorwinnings vind ons ons besieling vir die toekoms.*

*Onthou, nog nooit het 'n veldheer 'n slagveld gevat sonder gesneuweldes nie. Offers is die prys wat ons moet betaal vir ons kroon. Moet daar van die stryers val, sal die strydende geheel seëvier waar sy optrede doelgerig en vasberade is!*

*In hierdie gees wil elkeen van ons, as 'n deeltjie van die geheel, saam met elke mede-brandwag daarbuite ons lesse leer en besieling put uit die verlede en vasbyt vir die toekoms.*

*Die gevare wat ons, as volk, se voortbestaan bedreig, is geweldig. Slegs deur saam te staan en alles in ons vermoë te doen kan ons hul trotseer en seëvier. Alleen hy wat veg om sy reg, het 'n reg op 'n bestaan.*

*Aan elkeen van u, as persoon, net ons allerbeste wense vir die nuwe jaar. Mag u daarin vreugde vind om een te wees van ons groot geheel!*

*Ontvang ook hiermee ons hartelike dank vir alles wat u al vir ons gedoen het en nog doen. Besiel met so 'n gees van onbaatsugtige offervaardigheid moet ons die oorwinning behaal. Ons bied u alles wat ons het, — tot ons laaste druppel bloed!*

*As brandwagte reik ons u die ferme hand van 'n kameraad en wil ons saam met elkeen van u, die nuwe jaar inmarsjeer. Ons gaan, ons moet, ons sal seëvier!*

*Lank lewe die O.B. en ons K.G.!*

| | | |
|---|---|---|
| Gevangene Nr. 438. | Gevangene Nr. 2630. | Gevangene Nr. 4104. |
| „ „ 1911. | „ „ 2754. | „ „ 4105. |
| „ „ 1927. | „ „ 2818. | „ „ 4164. |
| „ „ 1928. | „ „ 2938. | „ „ 4291. |
| „ „ 2092. | „ „ 2938. | „ „ 4296. |
| „ „ 2306. | „ „ 3001. | „ „ 4388. |
| „ „ 2506. | „ „ 3002. | „ „ 2596. |
| „ „ 2507. | „ „ 3103. | „ „ 3866. |
| „ „ 2508. | „ „ 3104. | |
| „ „ 2595. | „ „ 3753. | |

# Genl. Jan Kemp

**Op Oujaarsdag in die die hospitaal op Piet Retief in die ouderdom van 74 jaar is genl. J. C. G. Kemp, mede-leier van die H.N.P. in Transvaal, oorlede.**

**Dr. J. F. J. van Rensburg skryf die volgende waardering oor die ontslape generaal:**

Ons Volk het, in die geslag wat nou vinnig die aandskadus nader, besondere rykdom aan groot manne en heldefigure besit. Manne wat uitgemunt het veral deur hul persoonlike moed en deur die bereidwilligheid om nie net hul talente nie maar ook — en veral — hul eie lewensbloed op die Volksaltaar te lê.

Name soos Marthinus Steyn, Louis Botha, Koos de la Rey, Christiaan de Wet, Jaap de Villiers, J. B. M. Hertzog en J. D. Kestell het 'n glans nagelaat wat alle politieke geskille en verdeeldhede te bowe gegaan het. Een vir een het hulle ons midde verlaat en na hul vadere teruggekeer. En elkeen het met sy heengaan ons Volk 'n dankbare herinnering gelaat.... maar deur sy heengaan is ons armer geword.

Met die afsterwe van generaal Jan Kemp is nog een van hierdie volksfigure ons ontval. Die alreeds klein geworde kring van die groot gestaltes het nog kleiner geword. En ons Volk is verder daardeur verarm.

Ons wil hier, met die eerste verskyning van Die O.B. na sy heengaan ons dankbaarheid betuig vir die offers wat hierdie Boeregeneraal by elke geleentheid gebring het, en aan sy kinders wil ons ons respekvolle simpatie bring. Hulle het 'n vader verloor na wie elke regskape volksgenoot met agting opgesien het, heeltemal afgesien van die feit of in elke punt ooreengestem is. Onder die mense wat vir die ontslapene 'n diepe dankbaarheid gevoel het wat alle meningsverskille oorskadu het, was die lesers van hierdie blad.

Ons het nie die eer gehad om generaal Kemp as 'n vriend van die Ossewabrandwag te tel nie; dit was ons verlies.

Maar ons het die eer gehad om generaal Kemp te tel in die geledere van die Volk waaraan ons behoort — en dit beskou ons as 'n voorreg en 'n eer wat ons op prys stel.

Ons roep hom na: Rus sag, onverskrokke held!

# Afrikaner Word Wakker

Adv. S. J. van der Walt, Greenside, Johannesburg, skryf:

Die Dingaansfeeste van 1946 is verby. Die Godgegewe oorwinning by Bloedrivier is herdenk. By elke feesplek is die Gelofte staande aangehoor en beaam. Kragtige toesprake is gelewer. Goeie voornemens is gesmee. Bloedrivier het herleef. Aan ons stoere voorvaders is eervol hulde betoon. Die tyd van praat is nou verby, en die tyd van die daad het aangebreek. **Die Voortrekkernasate moet laertrek. Wag daarvoor nie eers tot 16 Desember nie, maar doen dit reeds op 15 Desember. Pak u Bybel in die wakis; steek die lampe aan, wees gereed by die wawiel. Die vyande van Blank Suid-Afrika sluip reeds nader. Wie gaan die Tweede Bloedrivier wen? En Blank Suid-Afrika slaap!**

Afrikaner word wakker! **Ons vyande sluit bondgenootskappe, terwyl die Afrikaner verdeelde geledere vertoon. Bloedrivier het bewys: Eendrag maak mag; tweedrag breek krag.** Dus sluit die geledere. U land verg dit; Suid-Afrika eis dit. Die Koelie het die eerste rondte van die geveg reeds gewen by die V.V.O. — „'n klomp emosionele party-aanhangers wat dronk is met slagspreuke" (Veldm. Smuts). Die Koelie vier fees want hy is oorwinningsmal. Verbeel u eens—die bevolking van Suid-Afrika wil hy gaan inlig met 'n landswye veldtog! **Dr. Naicker en dr. Dadoo gaan na Indië om versterking te gaan kry vir volgende rondtes. En Blank Suid-Afrika slaap!**

### GEVANGE AFRIKANERS

(Ingestuur deur mev. D. Malan, Carnarvon.)

Afrikaners in jul tronksel,
Biddend roep ons jul vaar tog wel;
Mag God jul troos en verbly,
Hoe swaar jul ookal ly.
Mag God jul troos en verbly.
Hou moed, kamerade, hou moed,
Die kwaad verander weer in goed;
Hul wat jul hier so kasty,
Sal hulself nooit kan bevry;
Hul wat jul hier so kasty.
Wat hul hier saai, sal hul moet maai,
Is dit afguns, wraak en haat;
Hul sal oes die wrange saad,
Van hul wrede daad;
Hul sal oes die wrange saad.

Die kommunis idealiseer voort. Hy betower vakunies met sy propagandakrete. Hy mik na die siel van die jeug van ons volk. „Wij leven in een bezeten wereld . . . alom de twijfel aan de hechtheid van het maatschappelijk bestek waarin wij leven, 'een vage angst voor de naaste toekoms, gevoelens van daling en ondergang der beschaving" (dr. Huizinga). **Die Christendom word bedreig. Vervolgings vind elders reeds plaas. Andermaal hoor u die keusestelling: Jesus of Barabbas? En Blank Suid-Afrika slaap!**

Nasate van die Voortrekkers, word wakker! Gryp na u geesteswapen, en doen u wapenrusting aan ter verdediging van u huis en haard. Praat met die daad. Begin 'n eie landswye veldtog met as doel (a) Antikoelie agitasie, en (b) Volksvoorligting. Maar hiertoe moet laer getrek word, en is die volgende 'n aksieprogram: Op 'n latere datum en te BLOEMFONTEIN by die Vroue-monument vind plaas

1. **'n Verootmoedigingsgodsdiens** soortgelyk aan dié van Sarel Celliers, waar die volk voorgegaan sal word deur die Kerkvader Totius.

(2) **'n Klipstapeling** soos by Paardekraal, voorafgegaan deur 'n toespraak tot die volk deur 'n heeltemal onpartydige persoon uit die volk.


Stuur u POSBESTELLINGS vir
● KANTOORBENODIGDHEDE en
● SKRYFBEHOEFTES
na
SOLMS VAN NIEKERK
Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017

A.V.B.O.B.
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke


Grys-hare: Antigrys
herstel alle gryshare tot hul natuurlike kleur. Dit is vry van kleurstof of skadelike bestanddele, verwyder skilfers, bevorder kopvelkwale, laat hare groei, ens., 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Ook kan blindederm en ander operasies vermy word en alle siektes en kwale met kruie en ander geneesmiddels behandel word. Skryf, gee besonderhede aan: DIE BOEREVROU, Posbus 7559, JOHANNESBURG.

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newton

PRETORIA-MARK
●
W. & P.
P.R.R.
Produsente, stuur u Produkte, Eiers, Botter en Lewende Hawe na ons.
(Ontvangs-agente van alle slagvee vir die Vleiskontroleur)
Ons het 'n garansie van £2,500 by die Regering.
WEBB EN PRETORIUS
Pretoria se Oudste en Grootste Markagentskap

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU!
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
Werda Meubelhandelaars.
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad


Te laat vir klassifikasie

**BOME, PLANTE EN SAAD**

**VRUGTEBOME,** Rose vir Julie—Augustus 1947 se planttyd. Ons puik voorrade verseker tevredenheid, maar ....die aanvraag is groot. Bestel nou en voorkom teleurstelling. HERHOLDT SE BOOMKWEKERY, POSBUS 660, JOHANNESBURG. AA/15/1/Tk

**BENODIG**

**VOORMAN** vir algemene boerdery. Kennis van wingerd 'n vereiste. Doen aansoek by: J. A. DUMINY. Loevenstein, Bellville. Foon 9-7278. 15/1/2

*Die O.B. is die Advertensieblad van die toekoms. Gebruik sy geklassifiseerde kolomme.*

**TE KOOP AANGEBIED:**
Goudmyn-Stoetery bied aan Opreggeteelde Irish Hunter en Percheron Merries en Jong Perdjies uit ingevoerde ouers. Ook Fries- en Jerseykoeie, Verse en Bulletjies uit beste bloedlyne geteel. — A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson. TK5526


MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD
●
Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang
●
Beste heersende pryse
●
MINNAAR EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

G. A. FICHARDT, Bpk.
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut
MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN

EINDELIK WEER VERKRYGBAAR!
Ek Rebelleer
deur
J. A. Smith
7/9 posvry.
Hierdie werk was vir jare uit druk. Lees hoe Genl. Smith as skoolseun gedurende die Anglo-Boereoorlog gerebelleer het.
●
OOK PAS WEER VERSKYN!
Kom Ons Rangskik
Suid-Afrikaanse Blomme
12/6 posvry.
●
Pro Ecclesia-Boekhandel
POSBUS 29,
STELLENBOSCH

KAAPSTAD, WOENSDAG, 15 JANUARIE 1947.

# Die Karavaan Beweeg Voort

Gedurende die jaar 1946 het die Ossewabrandwag vlytig gewoeker met al sy beskikbare talente; hierdeur het die beweging genoegsame kragte gebind om sy slagvaardigheid bo alle twyfel te verseker.

**In 1947 sal die Ossewabrandwag derhalwe in staat wees om nuwe bane te breek en om sy stryd aanskoulik uit te brei na kringe buitekant die grense van die eie geledere.**

◉ Gedurende 1946 het die O.B. sy eie persmoontlikhede sodanig ontwikkel dat die bestaande persfasiliteite van die beweging minstens verdubbel gaan word in die nuwe jaar 1947 — wat ons binnegaan.

◉ In die afgelope jaar het die voorligtingsdiens van die O.B. die dringende en onaanvegbare beginsels van die beweging aanhoudend en met sukses na die geledere van die politieke partye uitgedra: met die gevolg dat in wye kringe baie welwillendheid vir die O.B. opgestapel is. In 1947 gaan die O.B. op uitgebreide skaal hierdie welwillendheid begin verbruik.

◉ In 1946 is 'n reorganisasie in die O.B. deurgevoer waarvan die vrugte van oplewing en gedrae geesdrif reeds gepluk is. In 1947 gaan die O.B. egter eers die volle oes insamel.

◉ In 1946 het die O.B. nuwe en gewaardeerde vriende gemaak. Met vertroue word daarna uitgesien dat die vriendskap in 1947 sal toeneem in geneentheid en sal gedy tot daadwerklike samewerking.

**Vrymoedig en vol vertroue gaan die O.B. die jaar 1947 binne. Hy is onwankelbaar in die bewussyn van sy roeping en sterk in die wete dat sy stryd regverdig en noodsaaklik is.**

**Laat die honde maar blaf, die karavaan beweeg voort!**

## DIE HOOGSTE BESOEKER

Dit word van die bose ou duiwel gesê dat hy sy pogings om die Christendom te ondermyn nooit vir een enkele oomblik staak of verslap nie en dat hy geen middel versmaai om sy sondige doel te bereik nie.

**Daar is mense in Suid-Afrika wat 'n soortgelyke onvermurfbare ywer aan die dag lê in hul volgehoue poging om die O.B. te ondermyn en uit te roei.**

Wanneer hierdie mense al lank in die skoot van die vergetelheid verbleik het sal die O.B. nog voortleef en voortdoen — omdat die O.B. gebore is op 'n historiese tydstip om 'n historiese taak te volvoer.

En voordat hierdie taak nie volvoer is nie sal niks en niemand die O.B. breek nie.

Offisiere en brandwagte

**(i) laat ons op Vryheidsdag opstaan in ons krag en die „propaganda" van ons vyande daardeur stom maak; en**

**(ii) laat ons ons republikeinse geloofsbelydenis, veral hierdie jaar, treffend onderstreep.**

Op 27 Februarie gaan die O.B. weereens die Vryheidsvure aansteek op die berge, op die heuwels en in die vlaktes van ons land.

**Laat hierdie jaar die Vryheidsvure hoog, baie hoog, opvlam — so hoog, dat selfs die hoogste besoeker dit kan raaksien.**

## Offisiere in Gebied B, - Aandag!

**Gebiedsleier P. J. BOTHA en Voorligtingsoffisier W. R. LAUBSCHER sal generaalsrade in die dag en openbare vergaderings in die aand op die volgende plekke hou:**

**Hoofkomdt. TALJAARD sal Boerejeugoffisiere ontmoet.**

| | |
|---|---|
| GRAAFF-REINET | WOENSDAG, 5 FEBRUARIE. |
| STEYNSBURG | DONDERDAG, 6 FEBRUARIE. |
| LADY GREY | VRYDAG, 7 FEBRUARIE. |
| ADELAIDE | MAANDAG, 10 FEBRUARIE. |
| KIRKWOOD | WOENSDAG, 12 FEBRUARIE. |
| PORT ELIZABETH | DONDERDAG, 13 FEBRUARIE. |
| HUMANSDORP | VRYDAG, 14 FEBRUARIE. |

# Werker en Vakbond Moet Volksverankerd Wees

**Dit is nie die begeerte en ook nie die taktiek van die Ossewabrandwag om die werker van sy vakunie af te rokkel nie.** Inteendeel sien ons in die vakunies die enigste effektiewe wapen dat die georganiseerde werker tot dusver tot sy beskikking in die stryd teen die kapitalistiese uitbuiting van die base gehad het. Solank as die kapitalistiese stelsel heers, is hierdie wapen — asook enige ander wapen — te verwelkom. Anders bly die werker weerloos aan die genade van die uitbuiters uitgelewer.

**Maar die werker is nie net werker nie; hy is ook lid van die gemeenskap, eggenoot en vader van ander lede van die volksgemeenskap.**

Namate die industrialisering van ons land met rasse skrede vorder, word die industriële werker nie net lid **maar ook uiters belangrike lid** van die volksgemeenskap. Sy welvaart, as ook die welvaart van sy afhanklikes, word 'n lewensbelangrike saak nie net vir homself en vir sy vakunie nie maar tewens vir die hele volk. Net soos die sterkte van elke skakel van lewensbelang vir die hele ketting is, wat maar 'n aaneensnoering van skakel is.

ONS ARBEIDSFRONT IS 'N STREWE, NIE OM DIE WERKER VAN SY VAKUNIE AF TE ROKKEL NIE, DOG WEL OM HOM EN SY VAKUNIE IN DIE VOLK TE VERANKER, MET LANDSWYE ONDERSTEUNING.

### HEMELSBREED

Dit is vir 'n mynwerker betreklik maklik om 'n ander mynwerker te oortuig dat die belange van die mynwerkers ook die belange van die volk raak. Dit is besmoontlik ook maklik vir hom om, sê byvoorbeeld, 'n spoorwegman te oortuig dat dit met die volk as geheel nie goed kan gaan nie as die mynwerkers verontreg word. Maar dit is baie moeiliker vir hom om die aandag en ondersteuning van byvoorbeeld koringboere in die Westelike Provinsie of mielieboere in die O.V.S. of veeboere in Noord-Transvaal van hierdie stelling te oortuig. Omdat die lewensloop en werksaamhede, sowel as die werksplekke van die plattelandse boer so hemelsbreed van dié van die mynwerker verskil. Die boere het tot 'n groot mate in die probleme en moeilikhede van die werker oningewy gebly.

Die skuld was nie atyd dié van die boer nie. Die vakunies het, tenspyte van hul krag, dikwels aan 'n inherente swakheid in hul botsings met die georganiseerde geldmag gely, elke keer as stryd landswye omvang moes aanneem — d.w.s. waar dit nie meer op een myn of in een fabriek gelokaliseer kon bly nie.

### GESLOTE GELEDERE

Die ideale unie, waarop die werkers gemik het, was die „geslote geledere" of „closed shop". Dit het verhinder dat die base ongeorganiseerde arbeidskragte hulle waarmee hulle le dan die georganiseerde werkers kon breek of onderkruip. Slegs 'n lid van die vakunie kon in die bedryf werk — vandaar die benaming „geslote geledere". Maar nou het dit geblyk dat dié geslote geledere nie net na binne nie maar alte dikwels ook na buite geslote was. Nie net indringing van buite was afgeweer nie . . . . alte dikwels was ook simpatie en ondersteuning van buite deur die „closed shop"-beginsel in die kiem gesmoor. **Onbekend maak onbemind en uitsluiting is 'n tweesnydende swaard. Dit werk teen vriende sowel as teen onderkruipers.**

Die eksklusiwiteit van die werkers se organisasies het baie van hul eie vlees en bloed mislei om te dink dat dit nie net die organisasie van die werker was wat die werker se eie saak was nie — ook sy stryd teen die uitbuiting was in die oë van vele uitsluitlik sy eie saak. **Die lewensbelangrikheid van die werker as lid van die volksgemeenskap, van die gemeenskaplike lotsbestemming . . . een vir almal en almal vir elkeen . . . het vir baie volksgenote verdwyn agter die deur van 'n „closed shop".**

**O.B.-Beleid**

### GEMEENSKAPLIKE FRONT

Die arbeidsfront van die Ossewabrandwag is besig om in breë massas in alle dele van die land die besef in te hamer dat die bande van bloed en volk eerste kom en dat die van die betrokke werk of bedryf toevallig is; dat die volksgenoot wat werker is en sy werkskondisies — hetsy binne of buite 'n „closed shop" — van volksbelang is en dat die gemeenskaplike vyand, die internasionale kapitalisme, op 'n gemeenskaplike front beveg moet word. 'n Front wat nie net sosiaal maar tegelykertyd ook nasionaal lewensbelangrik is.

Die Ossewabrandwag bied aan die werker landswye ondersteuning sonder dat hy iets daarvoor in ruil vra, hetsy van die werker of van sy unie. Hierdie ietwat eensydige verhouding kan twyfel wek en ook argwaan . . . . veral onder diegene wat nie ons volksversugtinge deel nie, d.w.s. die Jode in ons land en in die organisasies. Nietemin, eienaardig of nie, word die aanbod in alle opregtheid bedoel.

### BEVEG GELDMAG

Of kortsigtig of wantrouende vakunie-amptenare die sosiale strydkragte van die Ossewabrandwag inspan in die stryd van die werker of nie . . . dit kan die Ossewabrandwag net so min van stryk bring as wat die waterwiel van 'n watermeul die waterval van stryk kan bring. Want daaruit bestaan die volkstrydkragte in die Ossewabrandwag, naamlik dat hulle kragte is wat stry vir die volk. **Dit is die hele wese en lotsbestemming van die Ossewabrandwag dat hy die internasionale geldmag in belang van die Afrikanerdom moet beveg.**

En om daardie rede kan hy bekostig om alles aan te bied en niks te vra nie.

**Die uiteindelike beloning van die Ossewabrandwag, as die werker die aanbod aanvaar, lê hierin: net so min as wat daardie gemeenskap aan die voet van die waterval ooit sy lewe-verskaffende nabyheid gaan verlaat, net so gewis weet die Ossewabrandwag dat die blanke werker nooit weer so kortsigtig sal wees om die steun en verskansing van 'n volkspolitieke Bewegnig se Arbeidsfront te verlaat nie, veral die Arbeidsfront van 'n Volksbeweging wat ses jaar lank feitlik alleen gestaan het teen die gesamentlike kapitalistiese elemente in Suid-Afrika, met 'n handlangerregering van daardie elemente wat van Noodregulasies roeklose gebruik teen die O.B. gemaak het.**

In daardie ses jaar van stryd van alle geldmagte teen die Ossewabrandwag het die Beweging nie net standgehou nie; hy het selfs stadig uitgebrei en homself dieper ingegraaf.

### VOLKSPOLITIEK

Na die rook en stof begin opklaar, na al die vyandskap, wantroue en verdagmakery, begin een uitstaande feit vir almal vorm te neem, vir vriend sowel as vyand, **naamlik dat 'n Volkspolitieke Beweging tot in die voorgrond van die stryd deurgebreek het . . . deurgebreek het deur die bestaande partyverdeling van die linkeren van die regtervleuel.**

Hierdie Volksbeweging, die Ossewabrandwag, het alreeds een uitstaande bydrae gelewer in ons volkspolitieke stryd. **Dit het daarin geslaag om op 'n breë grondslag, wat beide die platteland en die stad insluit, die twee mees dinamiese strominge van die stryd, naamlik die nasionaal-republikeinse en tewens die sosiale stukrag, op te vang en hierdie twee bewegende invloede, wat voorheen mekaar geopponeer het, in een stuwende stroom te verenig.**

**Deur hierdie feit dat dit die twee belangrikste anti-kapitalistiese faktore op een gekonsentreerde front saamgetrek het, kan die Ossewabrandwag, tesame met ander samewerkende elemente, vorentoe marsjeer na die vrug van hierdie jare van volkspolitieke stryd . . . . naamlik seggenskap in die staatsgesag in Suid-Afrika.**

## GENL. MARSHALL

Op 10 Januarie het James Byrnes se bedanking as buitelandse minister van die V.S.A. van krag geword en is hy opgevolg deur genl. George Catlett Marshall, eertydse leërstafhoof. Byrnes se bedanking het teleurstelling verwek in die V.S.A., maar Marshall se aanstelling het allerweë vertroue gewek. Geen verandering in die V.S.A. se buitelandse beleid word verwag nie.


**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**

**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

**GEHOORAPPARAAT**

**Die Voortrekker-Apteek**

**Kerklaan, KAAPSTAD.**

**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**

**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

# Wie Gaan Truman Opvolg

## KEUSE VAN WÊRELDBELANG AANSTAANDE JAAR

**In die onderstaande artikel bespreek dr. Erika Theron, Hoofvrou in Wes-Kaapland, wat tans in die V.S.A. met studie-verlof is, op interessante wyse die 1948-Presidentsverkiesing en die persoonlikhede en kanse van die manne wat genoem word as moontlike opvolgers van Amerika se Klein President(jie). Harry Truman.**



Dr. Erika Theron

Die algemene indruk wat die buitestander in Amerika op die oomblik kry is dat president Truman weer 'n bietjie aansien teruggewen het in die oë van sy landgenote deur die standvastige houding wat hy ingeneem het teenoor Lewis, die arbeider-diktator van die land.

### LEWIS VERRAS

Na Truman se bokspringery met die Wallace-Byrnes voorval in die somer was hierdie besliste houding vir vriend en vyand 'n verrassing. Vir Lewis moes dit veral 'n groot verrassing gewees het, want hy het blykbaar gemeen dat hy, soos hy gewoonlik sy sin gekry het in botsings met Roosevelt, met hierdie „klein mannetjie" maklik sal kan afreken. Lewis het nie gedink dat agter die president hierdie keer die volk gestaan het wat nou al sat en siek is van stakings en dreigende stakings. Selfs simpatiseerders met die arbeider-saak en hulle stryd teen die geldmag het verklaar dat Lewis nie moreel geregverdig is om 'n staking in hierdie tyd uit te roep nie. Die publiek het dan ook sonder gemor — behalwe teen Lewis — hulle onderwerp aan die nuwe noodregulasies om steenkool te bespaar, soos bv. die „brownout" of halfdonker strate, inkorting van vervoerdienste, koue treine en onvoldoende verhitte publieke geboue.

### „DAREM NIE SO SWAK"

Lewis het, met die sterk algemene opinie teen hom, tydelik altans, gekapituleer, maar nie sonder om die Arbeiderbeweging baie skade aan te doen nie. Hulle kan min simpatie van die Republikeine verwag in die eersvolgende sitting van die Kongres.

Hierdie optrede van Truman het as gevolg dat die algemene publiek nou van hom sê: „Hy is darem nie so swak soos ons gedink het nie"; maar dis ook omtrent al. In watter deel van die land die vreemdeling ook al reis en met wie ook al gesels word, nêrens vind 'n mens veel bewondering vir en vertroue in die man wat vandag aan die hoof van sake in Amerika staan nie. 'n Groot bewonderaar van Roosevelt het onlangs aan my gesê dat die aanstelling van Truman as sy onder-president, Roosevelt se enigste flater was! Truman word beskryf as 'n „klein" mannetjie wat hoegenaamd nie opgewasse vir sy taak is nie.

Truman het ook nie 'n baie gunstige politieke verlede nie. Hy was voorheen senator vir Kansas waar hy een van die luitenante van die berugte politikus Pendergast was. Die „Pendergast-Political-Machine" in Kansas was glo 'n uiters korrupte politieke organisasie wat grotendeels gebreek is toe 'n klomp van die Pendergast ondersteuners in die tronk beland het.

### MIN KANS VIR DEMOKRATIESE PARTY

Dit is baie duidelik dat Truman nie die Demokratiese Party se kandidaat in die volgende verkiesing gaan wees nie. So min vertroue het sy party in hom dat hy nie eers toegelaat is om by die afgelope verkiesing 'n enkele toespraak af te steek nie. Natuurlik word daar nie veel gespekuleer oor die Demokratiese kandidaat nie want, behalwe as die Republikeine ernstige flaters begaan of 'n geweldige werkloosheid die land oorval, staan 'n demokraat nie veel kans om in 1948 as president verkies te word nie.

### ELLIS ARNALL

Die enigste aspirant-kandidaat wat tot dusver melding van gemaak word is Ellis Arnall, Goewerneur van Georgia tot met die onlangse verkiesing toe hy deur 'n republikein verslaan is. Hy is jonk, besonder bekwaam en was 'n groot sukses as administrateur van Georgia. Daarby het hy, vir 'n burger van 'n suidelike staat, besondere liberale opvattings betreffende die Neger-probleem, terwyl hy streng opgetree het teenoor die Ku-Klux-Klan en die Columbians, die „fasistiese" organisasies wat baie sterk in Georgia is. Dit word gereken dat Arnall met sy liberale opvattings hom ook gewild sal maak by liberale Demokrate van die Noorde.

### REPUBLIKEINE VOLOP

Alhoewel 'n mens nie baie hoor van Demokratiese aspirant-kandidate vir die 1948-presidentsverkiesing nie — behalwe dat dit nie Truman sal wees nie — is die Republikeinse aspirante natuurlik volop. Onmiddellik na die onlangse groot oorwinning van die Republikeine het die gissings al begin. Die drie name wat die meeste genoem word is die van Thomas E. Dewey, wat weer met 'n oorweldigende meerderheid gekies is as goewerneur van New York staat, senator Robert A. Taft van Ohio en senator Arthur H. Vandenberg van Michigan.

Die isiolasioniste van die midde weste is egter nie ondersteuners van Dewey nie, aangesien hy volgens hulle te pro-Brits is. Dan word dit ook deur sommige as onwenslik beskou om 'n verslane kandidaat van 'n vorige presidents-verkiesing weer as kandidaat te stel.

### VANDENBERG

Aan die ander kant beskou die meer besadigde Republikeine die vir Taft as te veel van 'n isiolasionis en te reaksionêr. Verder word verklaar dat, alhoewel Taft baie bekwaam is, hy 'n kleurlose individu is wat nie maklik die massas kan trek soos Vandenberg nie. Hierdie Michigan senator is 'n sterk ondersteuner van die V.V.O. en is sterk gekant teen Rusland. Vandenberg is besig om by die publiek vir hom 'n reputasie op te bou as 'n bekwame staatsman by internasionale konferensies (V.V.O.); dit word verklaar dat hy baie selfvertroue het, lief is vir publisiteit en 'n goeie spreker is. Sal hy die volgende president van die Verenigde State wees?

## PARTYKOERANTE SKEP ATMOSFEER

Twee sake veral het die partykoerante (van sowel die Verenigde Party as die Herenigde Party) in die afgelope weke besig gehou.

Dit het eerstens gegaan oor die tussenverkiesings in Hottentotsholland and Soeloeland. In hierdie verband was daar kwaaie wedywering tussen die partye se koerante. Elkeen het probeer om die kanse van sy party se kandidaat die rooskleurigste voor te skilder.

Dit het tweedens gegaan oor die koningsbesoek. In hierdie verband het al die koerante koning-beriggies geplaas — bespiegelings oor die prinses se verlowing, oor waardigheidsbekleërs wat die koning sal ontmoet, oor persone belas met besoek-reëlings, ens. Hierdie beriggies is natuurlik bedoel om die regte atmosfeer van afwagting vir die koningsbesoek te skep.

## GREYTON HOU GESELLIGE AAND VIR KERSFEESFONDS

Veldkornette mnr. en mev. Fouché van kommando A4d1 het 'n baie geslaagde gesellige byeenkoms gereël aan hulle huis op Greyton, Saterdagaand, 14 Desember.

Skriftelike uitnodigings was gestuur aan die veldkornetskappe van Greyton en Middelplaas. Die opkoms was pragtig.

Hoofkommandant mnr. J. J. Viljoen het die verrigtings geopen en het die doel van die byeenkoms verduidelik en die gaste verwelkom. Die doel was om bydraes te kry vir die Kersfeesfonds van ons Gevonniste Kamerade. Die gaste is gevra om vrywillig iets te gee as bydrae.

Daarna is koue ete en verversings gratis bedien. Die aand is owerigens in gesellige luim deurgebring met volkspele en lekker boeremusiek.

Die bedrag van £8 is ingesamel. — (Ingestuur.)


'n WAARBORG . . .
Produkte wat deeglik gemaak is, is altyd 'n voordelige belegging . . . Volg die voorbeeld van duisende beleggers— koop Kommando-sigarette.



RONDE
Kommando
-SIGARETTE
OOK OVAAL VIR DIEGENE WAT DIT VERKIES
B.H. 2369

TOT U DIENS . .
Geldenhuys Ingenieurswerke
DRAAI
PAS
SWEISWERK
Wynnestraat 13 — PAROW
Sien Advertensie onder Geklassifiseerde Advertensies.

Spesiale Aanbod in
DAMESHANDSAKKE
Egte leer, met leer uitgevoer, teen presies die prys wat u. wil betaal.
KOM SEKER NA
Steyns
DIE MODEWINKEL
PAROW

Lyk Hierdie Jaar Op U Beste!!
Ons bied die Allerjongste oggend- en middag-rokke aan.
Lo- en Fremode Kostuums - - -
VAN ZYLS
Hoofstraat - - - Paarl

LEES
GENOT
VIR WARE LEESGENOT
VRA DAARVOOR BY ALLE STASIEBOEKWINKELS EN TYDSKRIFVERKOPERS
—1/-—

Beskerm u Oë
Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.
Wahl, Lawrence EN KIE.
BRILMAKERS
Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

WAARDE
KWALITEIT
VERSKEIDENHEID
DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS
SNYERS
UNIEWINKELS
Beperk
KERKSTRAAT 275 — PRETORIA
TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

Darwin het na die SKAKEL tussen mens en aap GESOEK; DIE O.B. het die SKAKEL tussen adverteerder en publiek GEVIND!

DIE O.B. vind sy weg in duisende huisgesinne oor die hele land, waar dit met toewyding gelees word.
Uit klein akkers spruit groot bome . . .
Uit hierdie klein beleggings spruit groot diwidende.

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:
Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.

## GEBOORTE

VAN DER MERWE. — Die Goeie Gewer het ons 'n liewe dogtertjie geskenk op 31 Desember. — Die dankbare ouers, Myburgh en Aletta van der Merwe, Langstraat, Malmesbury. 15/1/1B

VAN ZYL. — Mnr. en Mev. Gert van Zyl, van Komatiepoort het op 6 deser 'n eersteling-dogter ryker geword. 15/1/1

CRONJE. — Aan Prof. en Mev. G. Cronjé, van Pretoria, nog 'n fris seun op 5 deser. Lank lewe die Boerbabas! 15/1/1

## VERLOWING

ANDERSEN—DE WET. — Die verlowing is op 20 Desember bekend gemaak van Johanna (Gebiedshoofkwartier A) met kaptein A. E. Andersen van Bellville. 15/1/1

## HUWELIK

Vir partytjies, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang, Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

## DOODBERIG

VAN DER BYL. — Verhuis na sy ewige woning op 18 Desember 1946, ons dierbare eggenoot en vader, Andries Christoffel, in die ouderdom van 63 jaar.

„Ons mis jou baie maar gun jou die Hemelse rus."

Sy bedroefde eggenote, kinders en kleinkinders, Neethlingstraat, Stellenbosch.

Ons hartlike dank aan almal vir blyke van liefde en meegevoel in die uur van ons beproewing. 15/1/1B

## BEDANKING

Hiermee wens Mnr. H. L. Potgieter van Kirkwood, die lede van die O.B. wat vir hom gestem het, te bedank vir hulle ondersteuning tydens sy verkiesing as lid van die Waterraad, Wyk Een (1), Kirkwood. 15/1/1

## AGENTSKAPPE

VAN RIEBEEK TRUSTMAATSKAPPY BEPERK, Voortrekkerweg, Bellville, bied sy bekwame dienste aan wanneer u eiendomme wil koop of verkoop, met geldbeleggings, verbande ens. Doen aansoek by POSBUS 48. Foon 9-7322. 27/11/Tk

## ALGEMENE HANDELAARS

COETZER SE WINKEL H/v. Merriman- en Cookstraat, VASCO vir Dames en Babakierasie, Kruidenierswere, Verf ens. 5600TK

## BETREKKING VAKANT

AGT REISIGERS benodig met eie motors vir Groothandels-distribueerders. Moet organisasiewerk kan doen. Goeie vooruitsigte. Skakel: DISTRIBUEERDERS, Richmondweg, Middelburg, K.P. 18/12/3

'N ONGETROUDE MAN om te help met parstyd. Vrye inwoning. £8 per maand. — Rig aansoeke aan: DIE O.B., Bus 28, Stellenbosch. 18/12/3

## BETREKKING GEVRA

Betrekking gesoek op 'n plaas deur ondergetekende wat so pas as onskuldig op aanklag van hoogverraad ontslaan is. Deeglike kennis van landbouskaap- (ook karakoel) en varkboerdery. Skryf dadelik aan H. W. NEUMAN, Haytor-weg 15, Groenpunt. 15/1/4

## BELANGRIK VIR DAMES

PETRONELLA, Kamer 414, Groote Kerkgebou, Kaapstad. Foon 2-2178. Kom na ons vir deftige Jasse, Romax Snyerspakke, Trick tweestuk Rokke. Ook Troutabberds word gemaak na mate.

## BOME, PLANTE EN SAAD

AARTAPPELMOERE. — Mooi gesonde ARRAN CHIEF aartappelmoere, eiergrootte 28/6; graad I tafelaartappels 25/- per sak op Petrus-stasie. K.M.B. — D. J. DE KOCK, Uitkyk, P.K. Petrusburg. 15/1/2

BESTE GESERTIFISEERDE SAAD: Detroit Beetsaad 7/-; Chantenay Wortelsaad 10/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool 16/-; Spitskopkoolsaad 8/-; Blaarslaai 17/6. Uie: Australiese Bruin 6/6; Silver King 9/-; Kaapse Plat 7/6; Tamaties: Marvel 20/-; Marglobe 32/-. Van Zyl Bone 115/- per 200 pond. Volledige pryslys verkrygbaar van PREMIERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn. 11/12/Tk

TAFELAARTAPPELS. — Vars tafelaartappels, 153 lb.-sak teen £1-5-0 op spoor gelewer. Gewaarborgde moere, tweede van ingevoerde Kathadin en Scotch-up-to-date vir Maart-planting. Eiergrootte en groter: £1-10-0 per sak van 153 lb. Op spoor gelewer K.M.B. Stuur sakke. — A. BELLINGAN, Bus 66, Kirkwood. 15/1/1

VRUGTEBOME, Rose vir Julie-Augustus-planttyd 1947. Ons puik voorrade verseker tevredenheid, maar . . . die aanvraag is groot, bestel nou en voorkom teleurstelling. HERHOLDT se BOOMKWEKERY, Posbus 660, Johannesburg. AA/27/Tk

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waatlemoen 4/-, 6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-, Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Chantenay wortel, 7/6 per lb., ½ lb. 4/9. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

## GEMENG

DRAAI-, PAS- en SWEISWERK en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE. Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

ELEKTRESO (Edms.) Bpk. elektrisiteits- en werktuigkundige ingenieurs. Hoofweg 30, Bellville. Vir herstelwerk aan alle elektriese huisbenodighede; ankerwikkeling; elektriese herstelwerk aan motors, draai- pas-, sweis- en herstelwerk aan alle plaas- en ander gereedskap. Telefoneer 9-7223. 27/11/Tk

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

## GENEESMIDDELS

ASMA-LYERS. — Herwin volkome gesondheid. Duitse kruiestowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede: AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7207/4/B

BLY JONK.—GRYSHAARWONDER. Die nuutste wêreldwonder teen gryshaar waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 776, Pretoria.

## HAARKAPPERS

Vir 'n eersteklas haarkap besoek ELS'S HAARKAPPER SALON, Kempstonweg 223, Berry's Hoek, Port Elizabeth; sowel as vir al u weelde-artikels, eetgereedskap, juweliersware ens. 27/11/26B

## HORLOSIEMAKERS

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69.) Foon 2-5454.

Vir horlosiereparasies spreek STEYN en SWART, Posbus 3531, KAAPSTAD. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

## HOTELLE

MAJESTIC HOTEL, Ceres (Eienaar J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende dienste, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

## KENNISGEWING

Geliewe kennis te neem dat die wynmakery vir 14 dae gesluit is en eers weer op 20 Januarie heropen.—EXCELSIOR WYNMAKERY (Edms.) Bpk., Vlakteplaas-stasie. 15/1/1

## KLEREMAKERS

STEYN en SWART, voorlopig n/v. Merriman en Cookstrate, VASCO. Die kleremakers met 'n reputasie. Hou dop vir ons nuwe adres. 5567

Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eersteklas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52.

## MEUBELS

MEUBELS. — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Philips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

## TENDERS:—

### BOU VAN BIBLIOTEEK

Ondergetekende vra tenders vir die bou van 'n Biblioteek te Bonnievale, tot en met 22 Januarie 1947. Planne by ondergetekende te besigtig. Werk te begin sodra Permit ontvang is. Die bestuur verbind hom geensins om die laagste tender aan te neem nie. — P. W. L. SINCLAIR, Sendingpastorie, Bonnievale. 15/1/1

## TE KOOP AANGEBIED

GEWEER. — Mossberg-model .22 geweer, magasyn vir 7 patrone, perfekte toestand. Prys £12-10-0 of hoogste aanbod. Doen aansoek:— J. STRYDOM, Pospersoneel, Pearston, voor 31 Januarie 1947. 15/1/1B

JAKKALSHONDJIES (Foxhounds). 2 Tefies en 4 reuntjies, 6 weke oud. Tefies £3-10-0 en reuntjies £5 elk. Doen aansoek by C. E. JORDAAN, Kleinfontein, Cradock. 18/12/2

KOLLIES. — Uitstaande geregistreerde kolliehondjies geteel uit pragtige ouers. Verskeie tentoonstellingspryse en kampioenskappe in geslagregister. Driekleurig, wit en pragtige blou Merles. Pas tefie vir £25 verkoop. Pryse £12, £10 en £8. Verwags eersdaags goudkleurige kleinhondjies. — Mev. W. N. Haarhoff, Dagluimier, Graaff-Reinet. 18/12/2

LUSERN te koop teen vasgestelde prys. Graad 1 teen £6-5-0 per ton, graad 2 (dik stronke) £5-10-0 per ton, gelewer Eastpoort, K.P. K.M.B. — N. WIENAND, P.K. Eastpoort. 18/12/4B

PERDE. — Een goed-geteelde karperd, swartbruin reun (Arabier en Vlaams). Trek netjies en tel op, baie goeie drawwer, 14 hande en 4 jaar oud. Prys £30.

Een eersteklas ryperd, dieselfde teel as bogenoemde. Vinnige en netjiese trippelaar en goeie stapper. Trek goed kar, ry gemaklik, mak en geskik. 14 hande, ligbruin reun, 3 jaar oud. Prys £35. Vader 'n pryswenner. Skryf aan: DIE ADVERTEERDER, P/S Williston. 15/1/4B

PLAASMASJINERIE. — (1) Een „Caterpillar" trekker (Kruiptrekker).
(2) Een „Ransome Automatic" skraper.
(3) Een „Oliver Automatic" ploeg.
(4) Een handpomp vir olie.
Prys £500. Die trekker is in 'n goeie werkende toestand.
W. C. ESTERHUIZEN, Stockenstromstraat, Aberdeen, K.P. 15/1/1

SOUT. — Vriende, ek vra u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, vry gelaai soutwerke. Adres: MEV. MARTIE VENTER, Possak No. 4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 6/11/TK

SKOTTELEG. — „King Disc"-skotteleg, Ransomes-maak. Swaar tipe met vervoerwiele. In uitstekende toestand. Vry op spoor Bethlehem-stasie. Prys £25 of naaste aanbod.

12vt. Ontwikkelaar in perfekte toestand. Prys £10

Hooimasjien, „Case Osborne No. 2", in goeie werkende toestand. Verslete onderdele is vervang en deur deskundiges nagesien. Prys £20, vry op spoor Bethlehem-stasie. Besonderhede op aanvraag. — C. J. K. ROOS, Bokpoort, P.K. Clarens. 5402/Tk

STANDARD FARMALL. — Een Mc-Cormick-Deering Standard Farmall op staal met saagmeule, tafel en spore volledig. Alles in goeie werkende toestand. Besigtiging verwelkom. Prys £300. Verdere besonderhede: P. A. OPPERMAN, Matjiesgoedkuil, Bus 21, Devon. Telefoon: 630, Delmas. 15/1/2

SPANPAALTJIES (droppers), lengte en dikte volgens bestelling; enige hoeveelheid. Brandhout op aanvraag. Gelewer Wolseleystasie. — L. BIELDT, Meulstraat, Wolseley. Foon 24. 48877/52

U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke. J. H. VENTER, Vaalbank, Pk. Florisbad. 32B

VELLE. — Redelike voorraad handgebreide riempiesvelle (boerbok) uit die Karroo. Uitstekend vir veldskoene en tuiemakery. Kwaliteit gewaarborg. Prys 16/6 stuk. Skryf:— W. KERSHOFF, Voortrekkerstraat, Ceres. 15/1/1B

Een eersteklas kapkar met goeie tuie, £35; Een „Canadian Wonder" drieskaar-ploeg, £15; Een Skotskar in goeie kondisie, £15; Een roomafskeier —hulle kan 8 gellings neem, £7; Een vleisvaatjie, 15/-. Gelewer te Afrikaskop-stasie of Vrede. Beskikbaar en op stasie. R. OOSTHUIZEN, Kestell. 13/11/10

## PLUIMVEE

JOHS. J. COETZER, Die Wolwas, Winburg, O.V.S. Neem bestellings vir kuikens van April tot Oktober 1947 aflewering. R.I. Reds, Swart Australorps, en Wit Leghorns. Kuikens groot en sterk, uitgebroei met Petersime-Elektriese Broeimasjiene. Gewaarborg vry van B.W.D. en Hoenderpes. Prys £5-17-6 per 100. 18/12/Febr.

## IN MEMORIAM

### CHRISTIAAN MOCKE †

IN LIEFDEVOLLE HERINNERING AAN CHRISTIAAN MOCKE (KIEP), HEENGEGAAN OP 4 JANUARIE 1945.

Hy was 'n opregte vriend, 'n vriend wat nie alleen vriendelik kon praat nie, en vriendskap kon betuig nie, maar sy vriendskap kon bewys deur opoffering.

Beaufort-Wes.

## *Verjaardagketting*

Vanaf hierdie jaar sal die name van slegs die kinders wat hulle sedert hul vorige verjaardag weer as lede van die Verjaardagketting laat registreer het, geplaas word. Vir 1947 word die name van net die persone wat na 1930 gebore is, in die register aangeteken.

1 JAN.: Anna Fourie, Sutherland; Daniel Hugo, Rawsonville.
2 JAN.: Jacominia de Bruyn, Hugenoot; Dawie Blignaut, Agter-Paarl; Johanna van Staden, Groot-Marico.
3 JAN.: Ray Taylor, Frankfort; Johan Bester, Luckhoff.
5 JAN.: Pieter du Toit, Wellington; Johanna Arangies, Paarl.
6 JAN. Andries van Wyk, Suider-Paarl; Jan Venter, Schuinsdrift.
8 JAN.: Bertie Grobbelaar, Wellington; Anna Eloff, Matooster; Marie Hanekom, Paarl.
9 JAN.: Carina Baard, Moorreesburg; Koos Slabbert, Paarl.
11 JAN.: Freda Kirsten, Wellington; Dawie Mostert, Agter-Paarl.
12 JAN.: Hennie Jordaan en Pierre Botha, Paarl.
14 JAN.: Annalie Malan, Paarl.
16 JAN.: Jomien Smit, Rugby.
17 JAN.: Martha Retief, Paarl.
18 JAN.: Van Zyl Wolfaardt, Paarl.
19 JAN.: Tienie Burger, Brandvlei; Adriana Steyn, Frankfort; Magdalena van der Merwe, oor Zeerust.
22 JAN.: Sonja Pretorius, Paarl.
23 JAN.: Willie Lubbe, Marchand; Magda van Wyk, Paarl.
24 JAN.: Maria Fourie, Sutherland; Philippus Kilian, Middelburg.
25 JAN.: Elizabeth Steyn, Paarl.
26 JAN.: Ina Hoffman, P.K. Luckhoff.
27 JAN.: Mathys van Niekerk, Wellington; Marietjie du Plessis, Mooinooi; Hella van der Merwe, Saulspoort; June Siebrits, Paarl.
29 JAN.: Jacobus Fourie, Luckhoff.
31 JAN.: Wilhelmina Erasmus, Boshoek; Pieter Coetze, Paarl.

## BYDRAES TOT DIE NOODHULPFONDS

### GEBIED A

**Vanaf 26 Nov. tot 27 Des. 1946**

Mnr. Ballot, Adelaide, £1-10-0; Voorslag Edms. Bpk., £1-0-6; mej. E Strassberger, Wellington, £1; Vriend, Worcester, £2-10-0; A18a3 en A18a8, £5-17-4; A15a1, £3-10-0; A3b7, £7; A10c3, £4-2-0; A3b2, 17/-; A18, £55 12s. 3d.; A10a7, £7-2-0; A8a1 en A8a6, £20; mev. J. P. de Wit, Ladismith, £1;
Totaal £111-1-1.

### GEBIED B

**Desember 1946.**

B6a2 en a7, £13; Veldt. A. Nel, P.E., 10/-; mnr. J. Stander, P.E., 10/-; B5a1, £6; B5b1 en B6, £2-15-0; B2c1 en c6, £3-19-0.
Totaal £26-14-0.

### BOEREJEUG NOODHULPFONDS GEBIED B

Kirkwood Boerejeug JB6 a2 en a7, £20.

## TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

## RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## WYNE EN BRANDEWYN

TWAALF BOTTELS Spesiale Reserwe Uitvoerbrandewyn teen 100/-.

VYF GELLING Wit of Rooi Muscadel, Likeurwyn £2-17-6; anker £4-6-3; 5 gelling Rooi of Wit Muskadel, Jeripiko of beste ou Port £2-7-6; anker £3-11-3; 5 gelling Rooi Soet Muskadel £2-5-0; anker £3-7-6; 5 gelling Wit of Rooi Malmsey £2-2-6; anker £3-3-9; 5 gelling Rooi Half Soet Muskadel £2; anker £3; 5 gelling Worcester Hock of Soet Sjerrie £2; anker £3. Gelewer Bonnievalestasie. Vaatjies moet teruggestuur word. Beste kwaliteit gewaarborg. Kontant of K.B.A. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale.

## GEVANGENISFONDS

Verder bydraes vir die versorging van die aangeklaagdes vir hoogverraad word met dank ontvang.

Reeds in „Die O.B." erken £89-5-0.

Mnr. J. A. Frits, Voortrekkerweg £1; mnr. K. J. Erasmus, Heidelberg 10/-; Gebiedshoofkwartier, Gebied A, £25; mej. Swanevelder (2de donasie) 10/-; mev. Gordon Tomlinson, Vredefort, £2; mej. M. J. Marais, Calvinia, £1; drie beskuldigdes in eerste hoogverraadvervolging: prof. Labuschagne; mnr. B. C. Schutte en mnr. H. G. Steyn, Potchefstroom, £2; mnr. en mev. P. v. d. Berg, Wesselsbron, £3.

Totaal £124-5-0.

Tot die Kersfonds (Noodhulp): „Vriend", Clanwilliam, £25; Manne en Vroue-kommando, Edenville, £5.

Finale bydraes vir die versorging van die aangeklaagdes vir hoogverraad word met dank ontvang.

Reeds in „Die O.B." erken £124-5-0.

Komdte. Mostert, Happy Rest, N.-Tvl., £3-10-0; mnr. Roets, 14de Laan, Rietfontein, Pretoria, 5/-; mev. Van Rensburg, P.K. Louisvale, 15/6; mej. L. Louw, Stellenbosch, £2-0-6; „Twee kindertjies", Kroonstad, £1-10-0; mnr. W. Rood, Barberton, 10/-; mev. Rademeyer, Bus 14, Humansdorp, £2; Senekal Mans en Vroue Kommando, £5; genl. H. A. J. du Toit, £1; mev. Koen, Bethal, £2-0-6; mej. E. M. Roux, Suider-Paarl, £1-10-0; mev. A. J. Bell, Heidelberg, Tvl., £3.

Totaal £147-6-6.

Dit spyt ons dat gebrek aan ruimte ons belet om die baie lange lys van bydraes in die vorm van groente, vrugte, kruideniersware en ander lekkernye ook te laat publiseer. Elke donateur het egter 'n persoonlike brief van bedanking ontvang.

Die laaste soort van bydraes was gewoonlik in sulke groot hoeveelhede aan ons gestuur, dat die grootste gedeelte verkoop is en die geld gebruik is om onkoste te dek. Op die manier was ons uitgawes baie verminder, en nadat die hofsaak teen die aangeklaagdes ten einde geloop het, sal daar 'n aansienlike som geld in die Noodhulpfonds gestort kan word. Dr. Holm is nog die enigste een in die plaaslike gevangenis, daar die ander of ontslaan, gevonnis, of op borgtog uitgelaat is; nietemin word hy nog net so getrou versorg soos toe almal nog daar was.

Nog eens, namens ons Komitee baie, baie dankie vir die gulhartige wyse waarop ons deur ons mede-Afrikaners oor die hele Unie ondersteun is in ons liefdeswerk.

(Get.) H. DOMMISSE.

## KERSFEESOPROEP

Die Noodhulphoofkwartier wens hiermee alle brandwagte en goedgesinde vriende hartlik te bedank vir die spontane gehoor verleen aan die Kersfeesoproep; en erken met waardering ontvangs van die volgende bydraes:

Dr. P. J. Meyer, £2-10-0; mev. B. Auret, £1; Spoorwegvriend, £1; mnre. Van Rooyen, £3-0-6; mnr. J. J. Mulder, £5; mnr. J. J. Myburg, £5; A5a6 en A.5a1 £10; mnr. P. d. T. Roux, £1-0-6; Kroonstad Kom., £5; genl. Odendal, C8, £5; O. L. Nel, £5-0-6; C11b6, £11; Vriend, 10/-; J. L. Liebenberg, £1-0-3; mev. A. A. Tomlinson, £2; C8e6 en C8e1, £10; Vriend, £5; Manie Maritz Kom.,£8-13-0; mev. S. C. de Jager, £1-4-6; G. H. Swanepoel, £1-1-0; mnr. P. S. Naude, £2-10-0; mev. G. de Jager, £3; E. J. Neethling, - - - ; A14c6, £7-0-6; F2, £10-10-0; C10b6, £10-10-0; Postma en Postma, £10-10-0; genl. Pienaar (D2a1 en D2), £5-3-6; Vriend, 10/-; mev. M. Pienaar, £4; De Vos en De Villiers, £3; mev. M. H. v. d. Merwe, £8-10-6; Vriend, £2; mev. A. C. de Wet, £4-11-0; G. F. de Wet, £10; mev. D. A. van Ryn, £1; C7a3, 17/6; Louise Behrens, £1; Komdte. R. v. D. Berry, £31; mnr. C. J. K. Roos, £11-2-0; mnr. Frankie Nel, 10/-; mej. Yvonne Nel, 10/-; mej. Marianna Nel, 5/-; mnr. Frikkie Nel, 10/-; mej. Nanette Nel, 5/-; A14c1, £1-3-0; C. R. de Wet Kom., £11; C7a2, £13-11-6; F2a, £1-10-0; J. D. Goosen, £5; genl. B. Cadle, £5; Vroue-kom. van Swellendam, £7; Lindley Kom., £1-4-0.

Totaal £251-7-9.

### GEBIED E

Prof. L. J. du Plessis, £3; mnr. P. C. Cronje, 10/-; E2a7, 7/6; E11, £22 11s. 6d.; D. J. Opperman, £1; E9b8 en E9b3, £42-2-0; E7, £30-3-6; Hoofkomdte Vivier, £4; A. P. Smit, £1; E7, £9; D. A. Vosloo, £10; E6b, £2.

Totaal £125-14-6.

### GEBIED A

**Vanaf 7 Des. tot 27 Des. 1946.**

Mej. E. Strassberger, Wellington, 12/6; ds. en mev. H. S. Brink, Sutherland, £2; Vriende, Beaufort-Wes, £3 5s.; A2b8, £3; mnr. J. J. Piek, Stellenbosch, £1; Vriend, Kaapstad, 2/-; A3b6 en A3b1, £39-10-6; A2b2, £5; JA18, £5; A18a6, £3; A10, £74-10-; A2b4 en A2b9, £10-16-0; Drie Vriende, Bellville, £7; Generaalskap A2, £15; mev. B. Badenhorst, Swellendam, 10/-; A3b7, 10/-; A3b2, £1-10-0; A4d1, £8; A5b1, £3-10-0; A11b2 en A11b7, £5; A7, £1-1-0; mnr. B. H. van Coller, £3; mnr. J. H. C. J. van Rensburg, Beaufort-Wes, £4; mnr. H. S. Gerber, George, £3-10-6; A15b1, £22-9-6; A13b2, £5; A13b7, £5; mev. A. J. Stander, Oudtshoorn, £6-10-6; A10, £16; A4c10, £2-2-0; A9b1, £11-6-0.

Totaal £268-15-6.

## BETREKKINGS VAKANT

BENODIG: Gematrikuleerde seuns met boekhoukundige aanleg vir ons rekenpligtige afdeling. Salaris volgens bevoegdheid. Meld wanneer dienste aanvaar kan word. Doen aansoek in eie handskrif by:

Die Sekretaris,
Pro Ecclesia-Drukkery
(Edms.) Bpk.
Birdstraat Posbus 28
Stellenbosch

15/1/2/19.

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT „DIE O.B." VAN 15 JANUARIE 1947.

# Nuwe Besieling Vir Groot Taak

## Gebied A Trek Laer

**In hul groot getalle het die Boerejeug van Gebied A uit alle dele van Wes-Kaapland op 13 Desember j.l. op Franschhoek toegestroom. Vir die volgende agt dae sou die jeug van ons Volksbeweging weer hul intrek in hul tuiste, die Boerejeuglaer, neem. So 'n geleentheid kon geeneen laat verbygaan nie, al het dit nou ookal die aflê van honderde myle per trein, motor of vragmotor gekos.**

Vir die flukse en ervare hande van 'n Boereseun is die uitlê van die laerterrein en opslaan van tente 'n plesier, wat gou duidelik geword het toe die hele laer in 'n netjies en ordelike wyse binne bestek van 'n kort rukkie gereed was vir intrek.

DINGAANSDAG

Soos tydens vorige geleenthede het die laergangers vanjaar weer die kans te baat geneem om Dingaansdag binne die laer te vier, wat dan ook deur heelwat lede van die publiek bygewoon is.



## KAMPINSPEKSIE

By hierdie geleentheid is besielende boodskappe deur ds. Coetzee en die A.K.G. aan die feesgangers oorgebring.

DIE JEUGLEIER

Op 18 Desember het die laergangers die groot voorreg gehad om die Jeugleier, wat spesiaal vir die laertrek vanaf Potchefstroom oorgekom het, te verwelkom. Met ywerige belangstelling is reeds vanaf die begin van die laertrek na hierdie dag uitgesien aangesien dit die eerste geleentheid sou wees dat Generaal Van Rooy 'n jeuglaer in Gebied A bywoon.

Dit was dan ook met blye vreugde dat die seuns en dogters, netjies in hulle Boerejeugdrag uitgedos, die Jeugleier op die paradegrond kon inwag, en deurgaans deur hulle optrede kon toon dat die Jeug hier aan die Suidpunt, ook die waardigheid van die Boerejeug as geheel, hooghou.

Die leiding en inspirasie wat van genl. Van Rooy tydens sy verblyf in die laer, uitgegaan het, is deur elkeen teenwoordig aangevoel, wat dan ook tot 'n groot mate tot die sukses van die laertrek bygedra het.

WERKSAAMHEDE

Alhoewel die tyd baie min was, is elke oomblik tog nuttig gevul. Behalwe die opleiding in praktiese dissipline, oefening van vlagparades, wagtewisseling, e.d.m., is spesiale aandag aan praktiese opleiding en ontspanning gewy.

Omdat die laer met verloop van tyd die tuiste van elke Boerejeuglid geword het, is elke laerganger oor die laerkuns voorgelig. Met belangstelling het die verskeie groepe teen mekaar gekompeteer wie die gouste 'n tent kon opslaan of wie hulle tent die netjieste kon inrig. Die maak van laerbenodighede uit blikkies, takkies, ens., is ook nie nagelaat nie.

O wêreld, hoe is daar nie geleer om met vlae te sein nie! Dit het partykeer maar moeilik gegaan, maar aanhou wen. En dan nog die maak van ornamente uit gips en die stofferwerk van die dogters — alles kennis wat tot groot voordeel met die oog op insameling van fondse, aangewend kan word.

Maar alles was nie net werk en leer nie. Wat dan van die swem, liggaamsoefeninge, apparaatwerk, en die lekker kampvure?

DIE K.G.

Die toppunt van die bedrywighede is seker bereik met die besoek van ons twee leiers, die A.K.G. en K.G. aan die laer. By baie min geleenthede het die Boerejeug die voorreg gehad om hulle drie hoogste leiers gelyktydig in hul midde te hê.

Fier en regop het elke laerganger gestaan terwyl die K.G. die inspeksie waargeneem het. Stil en aandagtig het elkeen gesit en luister hoedat die leier aan hulle die heldedade van hul mede-kamerade meedeel. Dit was hulle mense!

By elkeen was daar belangstelling vir die verlede, want hulle het besef dat waar hulle die stryd vir die toekoms moet stry, hulle uit die verlede moet leer.

Geïnspireer deur die verlede en besiel met die kameraadskap in die laer aangekweek en gesmee, sien elke laerganger en Boerejeuglid die taak wat in die nuwe jaar op hom wag, met nuwe moed en krag tegemoet!

## MEJ. ROOS AS NUWE JEUGHOOFKOMDTE.

Dit is met genoeë dat die aanstelling van mej. Lenie Roos as Jeughoofkommandante op Boerejeughoofkwartier vanaf die begin van hierdie jaar, aangekondig kan word.

Kdte. Roos is veral op Stellenbosch bekend waar sy gedurende haar studentejare aktief aan studente- sowel as O.B.-aangeleenthede deelgeneem en ook leiding gegee het. Sy was o.a. redaksielid van „Die Matie", bestuurslid van die A.N.S. en offisier in die O.B.-studentekommando. Na aflegging van haar B.Comm.-kursus het sy haar op Wellington gevestig waar sy aktief as Jeugveldkornette opgetree het. Mej. Roos was ook lank Voortrekkerlid.

Op Hoofkwartier sal kdte. Roos haar veral in belang van die dogters-afdeling van die Boerejeug beywer, in watter verband daar ook na haar leiding opgesien word.

## GIPSWERK

Terwyl die seuns met veldwerk besig is, gaan ons dogters gou so 'n bietjie gipswerk doen. Kry gou daar 'n paar pierings, 'n koppie vol water, eierkelkie en 'n teelepel. Ook het ons 'n hoeveelheid gips en modelleerklei nodig, wat by enige winkel verkrygbaar is.

Die voorwerp, bv. borsspeld, wapen, ens. waarvan ons 'n kopie wil maak, word in die modelleerklei gedruk sodat 'n negatiewe weergawe in die klei verskyn.

Die gips word nou met water in die eierkelkie gemeng sodat dit 'n stywe pasta vorm. Hierdie klam gips word in die vormpie wat in die klei afgedruk is, gegiet en net voordat dit heeltemal droog en hard is, word 'n haakspeld daarin geplaas.

Sodra die gips heeltemal hard geword het, word die klei rondom afgebreek. Die voorwerp word dan netjies in kleure geverf, waarna dit vir gebruik of verkoop gereed is.

# Offisiere!

Jeugoffisiere word daaraan herinner dat hulle DADELIK aan hul onmiddellike senior offisier rapport moet lewer oor die bedrag wat op 31 Desember l.l. in die afdeling se finansiële boeke tot krediet van die Boerejeug aangeteken gestaan het. O.B.-offisiere wat gelde wat aan die Boerejeug behoort, in hulle besit het, moet ook asseblief die Jeughoofkommandant dadelik met besonderhede voorsien.

**Hierdie saak is baie dringend en moet dadelik die aandag van elke offisier geniet.**

# VELDWERK

Verlede keer het ons die kompaspunte bespreek, onthou julle nog? Vandag moet ons aandag skenk aan die moontlikheid om rigting sonder 'n kompas te bepaal. Hoe doen ons dit?

MET 'N HORLOSIE

Hou die horlosie horisontaal met die wysterplaat na bo. Onthou net vooraf dat jou horlosie natuurlik die regte tyd moet aandui anders kan jy hierdie metode nie toepas nie. Hou 'n stokkie regop aan die buitekant van die wysterplaat by die 12. Draai nou die horlosie so dat die 12 na die son wys sodat die skadu van die stokkie oor die 12 en die middel van die wysterplaat val. Die noordlyn sal dan tussen die 12 en die uur-wyster lê. Hierdie bepaling is egter net by benadering. (Sien figuur 2)

Wanneer geen kompas tot ons beskikking is nie, kan ons die skadu-stok gebruik om die rigting aan te gee. Plant 'n stok 'n rukkie voor twaalfuur middag in die grond. Trek 'n halwe sirkel aan die skadukant van die stok met die plek waar die stok in die grond gaan as middelpunt. Die lengte van die skadu van die stok moet die rant van die sirkel effens oortref.

Die lengte van die skadu sal korter word namate die son klim. Sodra die skadu die rant van die halfsirkel raak, maak ons daar 'n merk, sê X. Die skadu sal sy kortste punt bereik en dan later weer verleng. Sodra die skadu weer die sirkel raak, maak ons weer daar 'n merk (Z).

Kry die middelpunt tussen X en Z en trek 'n streep daarvandaan deur die middelpunt van die sirkel. Hierdie streep sal die noord-suid-rigting aandui met noord aan die sonkant.

KAARTWERK

Terwyl ons in die veld is, gaan ons ook kaartwerk behandel. Hierdie sketse moet 'n noukeurige weergawe van die terrein wat ons graag op papier wil uitbeeld, wees. Die kaarte moet ook gou en maklik leesbaar wees, dus moet dit so min skryfwerk as moontlik bevat. Ons maak met die oog op vinnig lees, gebruik van geykte beelde (aanduidings) wat sekere voorwerpe moet weergee.




DIE SKADU-STOK

Hieronder volg 'n paar aanduidings wat voorlopig uitgeknip en bewaar moet word totdat ons hulle by 'n volgende geleentheid sal aanvul en dan gebruik.

OMHEININGS

- Klipmuur
- Hakiesdraad
- Gladdedraad
- Traliewerk
- Planke
- Heining

PAAIE, EMB.

- Voetpad
- Privaatpad
- Pad & huise
- Enkel spoor
- Dubbelbaan
- Tonnel

## BOEREJEUGDRAG

In hierdie uitgawe plaas ons 'n kiekie van die drag van die Boerekleingoed (6-12 jr.) asook 'n beskrywing van die seun se drag. Volgende keer verskyn besonderhede en sketse van die Kleingoed (dogter) en Boeredogter (12-18 jr.) se drag.



Drag van Boerekleingoed (seun)

1. **Broek:** Donkerblou kortbroek met breë (2dm.) swart lyfband.
2. **Hemp:** Wit oopnekhemp; opgerolde moue; twee sakke met klappe; skouerlissies.
3. **Nekdoek:** Koningsblou kortpunt nekdoek onder die hempskraag gedra; laag met ringetjie vasgemaak.
4. **Kopstuk:** Swart baret.
5. **Skoene:** Swart skoene en lang swart sokkies.
6. **Kentekens:** (a) Wapen voorop baret; (b) Sleutelsteenteken op linker hempsak.

(Besonderhede oor die kentekens, ens. en waar hulle verkrygbaar is, sal later verstrek word.)

# Aluminium-huise



Vooraf-vervaardigde huise op pad na hul bestemming in Engeland. Hulle kom uit 'n fabriek wat voorheen vliegtuie vervaardig het, en word van aluminium gemaak.

# Seëninge van Amerikaanse Bevryding

## Negertroepe en Duitse Meisies

**In die Oktober 1946-uitgawe van Ebony, 'n Amerikaanse negertydskrif, word die verbysterende verhaal vertel van die Amerikaanse negers in besette Duitsland en hul „romantiese" verhoudings tot die blanke Duitse meisies. Baie Duitse meisies tussen 18 en 26 jaar, so verklaar die blad, het 'n vaste negerkêrel. Die blad voeg egter hieraan toe dat die meeste Duitse meisies vriende maak met die negers ten einde sigarette, koffie, seep en ander skaars artikels te bekom.**

Die swart Amerikaners vind hulle besettingspligte in Duitsland glad nie onsmaaklik nie, is die wellustige en selfvoldane bevinding van hierdie negerblad. Om te bewys hoe die negers hyg na besettingsdiens in Europa vertel die blad dat 140,000 negers by die Amerikaanse leër aangesluit het na die staking van vyandelikhede in Europa en Japan. Hierdie negers meld hulle almal aan vir besettingsdiens in Europa. In die leër word hulle beter betaal en is hulle omstandighede aangenamer as in die burgerlike lewe tuis. En dan ook is daar geen sweem van 'n kleurskeidslyn in besette Europa nie!

### „KLEURVOOROORDEEL"

Die negerblad is baie verontwaardig oor die gebelgdheid van blanke Amerikaanse soldate ten aansien van die negers se baljaardery met die wit meisies en die afwesigheid van die kleurskeidslyn. Die blad verklaar dat die blanke Amerikaanse soldate „kleurvooroordeel" openbaar, en op uittartende en spottende wyse vertel die blad dat die wit Amerikaners nie hou van die negers se omgang met die „Frauleins" nie omdat die swart Amerikaners sterk kompetisie is vir die wit soldate op die „romantiese" terrein.

Dat die gebelgdheid van die wit soldate nie net by woorde bly nie, bewys die blad deur 'n insident aan te haal wat plaasgevind het tydens 'n dans in Asberg, Bavaria. Wit soldate het probeer verhoed dat negers met blanke meisies dans. Die negers het so rasend van teleurstelling geword dat hulle na die wapens gegryp het en 'n blanke soldaat doodgeskiet het. Die negers is voor 'n krygsraad gedaag en drie van hulle is tot die galgedood veroordeel.

### HULLE WORD BENY

Die negerblad betreur dit dat die „vooroordeel" teen die swart Amerikaners daartoe lei dat die Amerikaanse leerowerheid nie meer negertroepe na Duitsland gaan stuur nie. En dan water die artikelskrywer se mond as hy vertel hoedat die 25,000 negertroepe, wat nou reeds in Duitsland is, beny word deur hul agtergeblewe rasgenote in die V.S.A.

Die artikel in Ebony is ryklik geïllustreerd met fotos wat negers en blanke meisies in intieme houdings voorstel. Dit sluit af met 'n minneliedjie wat Duitse meisies soebat om die swart Amerikaners tog altyd lief te hê, aanhoudend te soen en nie oor hulle te treur wanneer hulle na Amerika terugkeer het nie.

Tot sover die artikel.

Vyf-en-twintig-duisend „romantiese" negertroepe, losgelaat op die meisies van die verslane Duitse volk, is een van die „seëninge" wat Amerikaanse „bevryding" aan die Duitse volk besorg het.

Vir die blanke man — in watter land hy ookal mag woon — lê daar 'n taai stryd voor om die Blanke Beskawing te handhaaf en te beveilig.

### ADV. JOHN VORSTER

**Adv. John Vorster, tot onlangs hoofgeneraal vir Oos-Rand, het die betrekking van Gebiedsleier van die Vrystaat (Gebied C) aanvaar. Hy beklee sy nuwe amp vanaf die helfte van hierdie maand en is gevestig op Bloemfontein. Genl. Vorster, moontlik vergesel van die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg, sal eersdaags 'n reis deur die meeste afdelings van die Vrystaat onderneem.**

### PROF. G. CRONJE



**Prof. dr. G. Cronje neem die betrekking waar van Gebiedsleier in Noord-Transvaal (Gebied F) in die plek van prof. dr. H. M. van der Westhuizen, wat met ses maande verlof is.**

### GENL. STRAUSS

Hoofgenl. De Wet Strauss van Upington verkeer in die Volkshospitaal, Kaapstad, waar hy 'n ernstige operasie ondergaan het. Ons is bly om te mag meedeel dat die operasie geslaagd was en dat genl. Strauss tans goeie vordering maak.

### LICHTENBURG PRESTEER

Die Mans- en Vroue-kommando's van Lichtenburg, E9b3 en E9b9 het £42 2s. ingesamel en oorbetaal as Kersgeskenk aan ons Kamerade in die tronk. Die Gebiedsleier wil graag hiermee sy waardering uitspreek vir die pragtige poging van die mans en vroue van Lichtenburg.

# Regering Sloer 12 Jaar te Lank

## Houtplaag Gevestig

**Soos die swart Argentynse mier 'n onuitroeibare plaag geword het nadat hy homself deeglik ingegrawe het as gevolg van gebrek aan daadwerklike optrede om hom uit te roei, het die Italiaanse houtkewer reeds 'n soortgelyke plaag geword.**

'n Amptenaar van die Staatsinsektedepartement het die verspreiding van die plaag as 'n volksramp beskryf.

**Die plaag is sowat twaalf jaar gelede in Kaapstad ontdek, maar niks is gedoen om hom teen te gaan nie. Sedertdien is ontdek dat die kewer reeds aansienlike skade in Kaapstad en Port Elizabeth gedoen het. Die jongste ondersoek het aangetoon dat die gebied waarin die kewer aangetref is in die afgelope ses maande aansienlik uitgebrei het. In sommige voorstede van Kaapstad is die houtwerk van soveel as 80 persent van die huise reeds met die kewers besmet.**

**Dit was eers vanjaar dat die regering stappe gedoen het om die plaag te bestry deur regulasies uit te vaardig vir die behandeling van hout.**

# Nuwe Jaar Gesellig Ingelui

**PRETORIA.—Op Nuwejaarsdag het honderdtalle Brandwagte en ander inwoners van Pretoria en distrik weer soos gewoonlik in 'n baie opgeruimde stemming byeengekom op Hartebeesthoek, die plaas van Kommandant Andries van Coller. Hierdie plaas is aangrensend aan Wildebeesthoek, die familieplaas van die ouers van Jopie Fourie.**

Reeds op Oujaarsaand het baie feesgangers al die terrein binnegekom om daar te vernag en in sommige gevalle om te help met die voorbereidings vir die volgende dag se fees. Die Nuwejaarsdagson was nog nie baie hoog nie toe het feesgangers al in hulle honderdtalle op die terrein rondbeweeg om eetgoedjies te kry en om mekaar 'n geseënde 1947 toe te wens. Selfs tot na die noenmaal het motors nog byna onafgebroke die feesterrein binnegekom.

Die openingsplegtigheid was waargeneem deur ds. A. J. V. Burger, waarna al die feesgangers hartlik welkom geheet was.

Daar was 'n puik program van Boeresport, waarvan perdewedrenne een van die gewildste was. Ander items wat baie belangstelling gewek het was toutrek en kussingslaan. Benewens die sportpret was daar ook baie eetgoed te kry soos vleis, waatlemoene, groenmielies, koffie, koeldranke, ens. Die feesgangers was in die loop van die dag ook op aangename wyse vergas met heerlike Boeremusiek deur die gewilde Dawie Malherbe Boere-orkes, asook met grappige voordragte deur mnr. H. Smal.

Die feesreëlings het onder bevel gestaan van komdt. Van Coller, en soos vorige jare ook die geval was, het die verrigtings vanjaar weer baie ordelik en suksesvol verloop en het elke Brandwag en besoeker 'n baie genoeglike dag deurgebring. — (Eie Berig.)

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Pro Ecclesia-Gebou, Birdstraat, Stellenbosch.



DIT KOS MINDER EN U LINNE HOU LANGER!

SPAAR MOEITE en laat Spesialiteite u wasgoed doen

• WAS • DROOGSKOONMAAK • KLEUR

Adres: Hugenootstasie, Paarl (Goedere halftarief)

PAARL STOOMWASSERY

Posbus 35 DIE PAARL Foon 214

(1)